

HOOFSTUK 6

EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1. INLEIDING

'n Uitgebreide literatuurstudie het dit moontlik gemaak om die onderhoudskedule vir doeleindes van die empiriese ondersoek saam te stel. Strydom (1998:179) sê in dié verband: “The prospective researcher can only hope to undertake meaningful research if he is fully up to date with existing knowledge on his prospective subject...He must trace all available literature which is broadly and specifically relevant to his subject”. Alhoewel literatuur geredelik beskikbaar was, was die identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld en diensterreine in maatskaplike werk daaruit, afhanklik van die navorser se bestaande kennis oor die studieveld mens–dierinteraksie. Terminologie in die studieveld word nie eenvormig gebruik nie en daarom kon daar nie altyd uit die titels van bronne afgelei word of die bron bruikbaar is nie, en ook nie op watter dissipline die inhoud van toepassing is nie.

Die onderhoudskedule het sowel oop as geslote vrae bevat, en is dus as 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule benut. (Vergelyk Bless & Higson-Smith, 1995:107 en Kvale, 1996:129.) Kwalitatiewe asook kwantitatiewe data is hierdeur verkry. By die gebruik van oop vrae is respondente die geleentheid gegee om te 'beskryf', te 'verduidelik' of te 'motiveer'. Respondente is op dié wyse gestimuleer om oor die inhoud van die vraag na te dink. (Vergelyk Fouché, 1998:160.) Tydens die verwerking van die data verkry uit oop vrae, is soms gefokus op die raakpunte tussen temas wat aangeraak is en voorbeelde gegee en nie op die spesifieke woorde wat die respondente gegee het nie. Hierdie is volgens Dane (1990:129) 'n aanvaarbare metode van verwerking van data ten spyte van die feit dat dié mate van buigsamheid as een van die nadele tydens semi-gestruktureerde onderhoudvoering beskou word. Van der Merwe (1996:156 & 295) is van mening dat die waarde van die inligting nie noodwendig hierdeur verminder word nie omdat dit 'n proses van verkenning en beskrywing is.

Moontlike response op geslote vrae is afgewissel met 'n kontrolelys ('Watter een of meer'); 'n nominale skaal ('Ja, Nee, Onseker') of vergelykende skaalwaarde ('Prioritiseer'). Oop vrae is met geslote vrae afgewissel. Die verskillende respons-opsies en afwisseling van tipe vrae, het stereotipering voorkom sodat respondente ten alle tye ten volle betrokke by die onderhoud was. (Vergelyk Fouché, 1998:167-170.)

Omdat 'n kombinasie van doelgerigte steekproefneming en die sneeбалtegniek (Strydom & De Vos, 1998:198 & 200) gebruik is, was die proses van data-insameling duur en tydrowend. 'n Kerngroep van potensiële respondente, voortspruitend uit persoonlike kontakte wat uit eie betrokkenheid by die studieveld oor die afgelope jaar opgebou is, was beskikbaar as vertrekpunt. Verwysings moes van hier af persoonlik opgevolg word. Gemiddeld drie telefoonoproepe per potensiële respondent is gemaak voordat uitsluitel gekry kon word of die respondent aan die kriteria vir seleksie voldoen. Hierdie oproepe het gemiddeld 10 tot 45 minute geduur, omdat die onderwerp wye belangstelling ontlok het. 'n Hele aantal langafstandoproepe, wat nie na ure gemaak kon word nie, was hierby ingesluit wat die proses van steekproefneming duurder gemaak het. Hierdie telefoniese kontakte het egter 'n belangrike rol gespeel in die daarstelling van rapport (Neuman, 1994:342 en Schurink, 1998:302) wat tot die sukses van die uiteindelijke onderhoud bygedra het.

Altesaam 45 respondente is geïdentifiseer. Die doel was om twee respondente per dissipline, soos tydens die literatuurstudie geïdentifiseer, te kies. Drie-en-twintig dissiplines is tydens die literatuurstudie geïdentifiseer. Behalwe in die geval van sosiologie, waar slegs een persoon in Suid-Afrika gevind kon word wat aan die kriteria vir seleksie voldoen het, is hierdie doel bereik. Respondente is eerstens op grond van hul betrokkenheid by mens-dierinteraksie as studieveld gekies en tweedens as verteenwoordiger van 'n spesifieke dissipline. Die steekproef kan dus as verteenwoordigend van die populاسie ter sprake beskou word (Strydom & De Vos, 1998:193). Om 'n gelyke verteenwoordiging vanuit elk van die 23 dissiplines te kry, is besluit op slegs twee respondente per dissipline omdat daar twyfel bestaan het of daar in ál 23 die dissiplines meer as twee persone aan die kriteria sou voldoen. Volgens Bless & Higson-Smith (1995:88) sal daar dus nie vanuit die resultate, met betrekking tot die onderskeie dissiplines, veralgemeen kan word nie. Omdat die fokus van die ondersoek op multidisiplinêre verteenwoordiging gerig was, was dit egter belangriker om in totaal 'n verteenwoordigende groep te kry as per dissipline.

Nadat respondente geïdentifiseer is, kon afsprake bevestig word. Ten spyte van pogings om hoofsaaklik respondente in Gauteng te identifiseer, was dit nodig om enkele onderhoude (vyf) in die Wes-Kaap te gaan voer. Die geskiktheid van die respondent het hierin swaarder

geweeg as die koste-implikasie. Een van die nadele van persoonlike onderhoude, naamlik dat dit tydrowend en duur is, was hier ter sprake. (Vergelyk Neuman, 1994:245 en Bless & Higson-Smith, 1995:110.) Afsprake moes ten alle tye by sowel eie as respondente se week-en maandbeplannings inpas. Afsprake moes ook dikwels geskuif word wanneer respondente onvoorsiene werk- of ander verpligtinge moes nakom. Die eerste onderhoud is op 1 Junie 2000 gevoer en die laaste onderhoud op 21 September 2000. Die ondersoektydperk is so kort as prakties moontlik gehou om die effek van onvoorspelbare eksterne faktore, soos byvoorbeeld mediadekking of publisiteit oor resente navorsing, wat bewustheid kon verhoog (Van der Walt *et al.*, 1996:396), te beperk. Dane (1990:80) verwys hierna as 'history effects' en omskryf dit as: "...whenever some uncontrolled event alters participants' responses...If, for example, there had been a great deal of publicity about (the topic) during the time we were conducting our experiment..." Alhoewel hierdie voorbeeld verwys na eksperimentele navorsing, blyk dit tog van toepassing hier ook te wees.

Die duur van die onderhoude was onvoorspelbaar. Alhoewel die skedule binne 20 – 30 minute voltooi kon word, het sowel die oop- as geslote vrae heelwat reaksie ontlok. Onderhoude het nooit minder as 45 minute geduur nie en in sommige gevalle selfs so lank as twee ure per respondent. Omdat die respondente doelgerig gekies is, het almal 'n belangstelling in die studieveld getoon en het hulle eie kennis en ervarings vrylik gedeel asook heelwat vrae aan die navorser self gestel. Daar is ten alle tye daarteen gewaak om nie eie kennis, menings of ervarings te deel voordat die formele deel van die onderhoud afgehandel is nie, omdat dit moontlik die response kon beïnvloed. Neuman (1994:247) waarsku teen hierdie vorm van beïnvloeding.

Die vrae in die onderhoudskedule is volgens vyf onderafdelings saamgegroepeer, naamlik:

- ☛ Persoonlike betrokkenheid by die studieveld (vraag 4.1. – 4.2.)
- ☛ Aard van betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld deur die dissipline verteenwoordig (vraag 5.1. – 5.2.)
- ☛ Ander dissiplines betrokke by die studieveld (vraag 6.1. – 6.3.)
- ☛ Multidissiplinêre samewerking (vraag 7.1. – 7.4.)
- ☛ Mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld (vraag 8.1. – 8.2.)

LW: Vraag 7.2 is van toepassing op sowel multidisiplinêre samewerking as die selfstandigheid van die studieveld. Die onderhoudskedule is aanheg as **Bylae 1**.

Die onderhoudskedule is ontwerp na aanleiding van die literatuurnavorsing en korreleer soos volg met die hoofstukindeling:

- ☛ Hoofstuk 2: Dissiplines betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie (vraag 5.1. – 6.2.)
- ☛ Hoofstuk 3: Diensterreine in maatskaplike werk betrokke by mens–dierinteraksie (vraag 6.3.)
- ☛ Hoofstuk 4: Multidisiplinêre samewerking ter bevordering van die studieveld (vraag 7.1. – 7.4.)
- ☛ Hoofstuk 5: Die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld (vraag 8.1. – 8.2.)

Die temas wat in die onderhoudskedule gedek is, hou direk verband met die titel van die ondersoek en die doelwitte, soos uiteengesit in Hoofstuk 1, bladsy 8 & 9. Die doelwitte van die ondersoek is by die aanvang van die onderhoud aan die respondent gestel sodat die relevantheid van die vrae duidelik was. Die meetinstrument het dus aan die vereistes vir inhoudsgeldigheid en gesiggeldigheid, soos deur De Vos & Fouché (1998:84) beskryf, voldoen.

Vervolgens word die resultate verkry uit die empiriese ondersoek per vraag, soos dit in die onderhoudskedule voorkom, weergegee:

6.2. PERSOONLIKE BETROKKENHEID BY DIE STUDIEVELD

Vraag: "By watter van die volgende kriteria met betrekking tot mens–dierinteraksie sou u uself plaas?" (Meer as een opsie kon uitgevoer word.)


Vervolgens word 'n profiel van die respondente gegee volgens hul persoonlike betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld:

TABEL 1 Persoonlike betrokkenheid van respondente by die studieveld mens-dierinteraksie volgens ses gestelde kriteria

Kriteria (N=45)	f	%
a) Toon 'n belangstelling, bv. lidmaatskap aan 'n vereniging of deelname aan georganiseerde gesprek	26	57,7
b) Bywoning van 'n kongres of wetenskaplike byeenkoms oor die studieveld	12	26,6
c) Publikasie, hetsy wetenskaplik of populêr, oor 'n relevante onderwerp	17	37,7
d) Betrokke by enige vorm van navorsing, bv. eie navorsing, spannavorsing of navorsingsbegeleiding	20	44,4
e) Betrokke by mens-dierinteraksieprogramme in praktyk, hetsy direk by die implementering daarvan of indirek, bv. in 'n raadgewende hoedanigheid	26	57,7
f) Betrokke by opleiding, bv. aanbied van lesings/kursusse, opstel van lesingmateriaal of bywoning van 'n opleidingsgeleentheid	26	57,7

Skematies kan die respondente se persoonlike betrokkenheid by die studieveld van mens-dierinteraksie soos volg voorgestel word:

FIGUUR 6 Profiel van respondente volgens gestelde kriteria vir deelname aan die ondersoek



Die profiel van die respondente word vervolgens verder toegelig:

- ☛ Omdat meer as een opsie hier uitgevoer kon word, is die totale van die frekwensies en persentasies nie van toepassing nie.
- ☛ Lidmaatskap aan verenigings of deelname aan georganiseerde gesprek, praktyk-programme asook opleidingsprogramme is as die belangrikste kriteria vir betrokkenheid by die studieveld aangedui (57,7% elk).
- ☛ Minder as die helfte van die respondente (44,4%) is betrokke by navorsing, en slegs 37,7% het al oor die onderwerp gepubliseer. Alhoewel daar 'n verband bestaan tussen navorsing en publikasies, moet daarop gelet word dat die vraag ook populêre publikasies ingesluit het wat nie noodwendig met navorsing verband hou nie.
- ☛ Alhoewel slegs 26,6% van die respondente al 'n kongres of ander wetenskaplike byeenkoms oor die onderwerp bygewoon het, is dié syfer tog hoog as in ag geneem word dat hierdie tipe byeenkomste in Suid- Afrika beperk is.
- ☛ Navorsing, publikasies en kongresbywoning word meestal as akademiese uitsette beskou en dit is moontlik hoofsaaklik die reaksies van respondente vanuit die akademie. Meer as die helfte (55,5%) van die respondente was tydens die ondersoek verbonde aan 'n tersiêre akademiese instelling.
- ☛ Alhoewel die persentasie respondente betrokke by opleiding hoog is (57,7%), gee dit nie 'n aanduiding van die omvang waarin mens–dierinteraksie as onderwerp by bestaande kurrikulum ingesluit word nie. Lesings en kursusse in mens–dierinteraksie word ook deur akademici en praktisyns, voortspruitend uit hul eie betrokkenheid by die studieveld, aangebied aan sowel akademiese as publieke gehore.
- ☛ Belangrik om by hierdie resultate in aanmerking te neem, is dat dit individuele response is en geen aanduiding gee van multidisiplinêre samewerking op elk van dié gebiede nie. Belangstelling in die studieveld en betrokkenheid by programme en opleiding is dus bo-gemiddeld (57,7%), maar dit kan steeds binne 'n dissipline of persoonsgebonde wees. Hierdie vraag sou die vrae rondom multidisiplinêre samewerking (kyk punt 6.7) kon aanvul indien dit verder uitgebrei is deur te klarifiseer watter kriteria multidisiplinêr van aard is.

Van groter belang by hierdie vraag is egter watter persentasie van die respondente aan hoeveel van die kriteria voldoen? Hierdie indeling van respondente word vervolgens in tabelvorm weergegee. Die letters 'a' tot 'f', verwys na die numering van die kriteria soos dit op die onderhoudskedule voorgekom het.

TABEL 2 Persentasie respondente volgens die aantal kriteria vir deelname aan die ondersoek waaraan hulle voldoen

N=45	f	%
a,b,c,d,e,f	2	4,44
a,b,c,d,e	1	2,22
a,b,c,d,f	1	2,22
a,b,c,d	1	2,22
a,b,c,e,f	1	2,22
a,b,d,e,f	1	2,22
a,c,d,e,f	1	2,22
a,c,d,e	2	4,44
a,d,e,f	1	2,22
a,d,f	3	6,67
a,e,f	3	6,67
a,e	3	6,67
a,f	1	2,22
a	5	11,11
b,c,d,e	1	2,22
b,c,d,f	1	2,22
b,c,d	1	2,22
b,c	1	2,22
b,e,f	1	2,22
c,d,e,f	1	2,22
c,d,f	2	4,44
c,d	1	2,22
e,f	5	11,11
e	3	6,67
f	2	4,44
	N=45	100%

Die belangrikste afleidings uit bogenoemde tabel word vervolgens saamgevat:

- ☛ Slegs twee (4,4%) van die respondente het aan al ses die kriteria vir betrokkenheid by die studieveld voldoen.
- ☛ Vyf respondente (11,11%) het aan vyf van die gestelde kriteria voldoen; sewe (15,55%) aan vier van die kriteria; 10 (22,22%) aan drie van die kriteria; 11 (24,44%) aan twee van die kriteria en 10 (22,22%) aan slegs een van die kriteria.
- ☛ Ongeveer die helfte (53,33%) van die respondente het dus aan drie of meer van die gestelde kriteria voldoen.
- ☛ Uit hierdie resultate blyk dit dat die keuse van respondente deur middel van doelgerigte en sneeubalsteekproeftrekking, suksesvol was. (Vergelyk Strydom & De Vos, 1998:198-200.)

6.3. OMSKRYWING VAN DIE AARD VAN BETROKKENHEID VAN DIE ONDERSKEIE DISSCIPLINES BY MENS-DIERINTERAKSIE AS STUDIEVELD

Vraag: "Hoe sal u (die spesifieke dissipline wat die respondent verteenwoordig is hier genoem) se betrokkenheid by mens-dierinteraksie beskryf?"

Respondente het op hierdie vraag geantwoord deur óf 'n voorbeeld/e uit die praktyk te gee, óf 'n verduideliking van die raakpunte tussen mens-dierinteraksie en sy eie dissipline te gee. Die omvang en kwaliteit van response het verskil. Alhoewel al die respondente op dieselfde wyse voorberei is ten opsigte van die doel van die ondersoek (kyk Onderhoudskedule, Bylae 1) was slegs enkele persone voorbereid op die vraag. Die meeste respondente het die vraag spontaan geantwoord. Response word vervolgens weergegee soos deur die respondente geformuleer om sodoende onderhoudvoerder sydigheid (Bless & Higson-Smith, 1995:145) uit te skakel. Response word ook sover moontlik direk met toepaslike literatuurverwysings verbind.

Vervolgens word die kwalitatiewe data met betrekking tot die aard en omvang van die dissiplines se betrokkenheid by mens-dierinteraksie bespreek:

6.3.1 ANTROPOLOGIE EN ARGEOLOGIE

Albei respondente by hierdie vraag het hoofsaaklik op die rol van die antropoloog gefokus. Antropoloë sal verskil in hul standpunte tot die studieveld. Een benadering is vanuit die relativisme, waarin mens–dierinteraksie binne konteks gesien moet word en waarde-oordele nie afgewing word nie. 'n Ander benadering sal meer aksiegeoriënteerd wees, waartydens 'n beroep op universele waardes met betrekking tot die verhouding tussen mense en diere gemaak word, byvoorbeeld iemand wat 'n dier seermaak of mense wat geselskapsdiere eet. Eersgenoemde groep sal byvoorbeeld die mening huldig dat negatiewe interaksie binne konteks, byvoorbeeld kultuur of omstandighede, gesien moet word en dat daar nie ingemeng behoort te word nie. Die tweede groep sal van mening wees dat aksie geneem moet word en in belang van universele waardes verandering teweeggebring behoort te word. Die rol van die antropoloog is dus veral om die verskille in wêreldbeskouings tussen kulture met betrekking tot mens–dierinteraksie te ondersoek en uit te wys. Ongeag dus die benadering wat gevolg word, is kruiskulturele studies belangrik om 'n sensitiwiteit en openheid vir die verskille in persepsies en houdings tussen kulture te verstaan. (Vergelyk Gallant, 1998:6 en Melson, 1998:234.) Sowel Nicholson & Podberscek (1994:5) as Noske (1997:188-189) sluit hierby aan en is van mening dat positiewe mens–dierinteraksie op alle vlakke van die samelewing, en binne alle groeperinge, alleen bevorder kan word indien begrip vir verskille bestaan.

6.3.2 ARBEIDSTERAPIE

Geselskapsdiere ontlok aktiwiteit en kan op dié wyse as medium in die rehabilitasieproses gebruik word. Dawson (1994:20) beklemtoon die rol van aktiwiteit as essensiële element in die rehabilitasieproses. Diere dien as ysbrekers en tussengangers in die opbou van verhoudings en help so die pasiënt om weer by die gemeenskap in te skakel. (Vergelyk Limond, Bradshaw & Cormack, 1997:84-89.) Die regte passing tussen pasiënt en geselskapsdier is belangrik. Vir kinders met serebraal- en leergestremdhede, hou mens–dierinteraksie, spesifiek met verwysing na terapeutiese perdry, die volgende voordele in: normalisering van tonus, verbeterde postuur, beter fyn motoriese kontrole, ervaring van beweging, perseptuele ervarings, stimulering van konsentrasie en geheue, en sosiale interaksie. (Vergelyk Fitzpatrick & Tebay, 1998:53 en Prinsloo, 1998:3-5.)

6.3.3 ARGITEKTUUR

Die argitek word gekonfronteer met die feit dat daar 'n baie groot populasie geselskapsdiere in stedelike gebiede is. Die effek van verstedeliking op mens–dierinteraksie en die groter druk wat op die beskikbaarheid van oop ruimtes geplaas word, word ook deur McQuillan (1992:160) uitgewys. Deur insig te hê in die positiewe waarde van mens–dierinteraksie, en dit in ag te neem by die ontwerp van geboue, kan waarde toegevoeg word tot die beboude omgewing. Die behoeftes van die totale sisteem, met ander woorde die kliënt self, bure, geselskapsdiere en omgewing, behoort by die ontwerp in ag geneem te word om sodoende positiewe interaksie te bevorder en negatiewe interaksie te voorkom. (Vergelyk Upton, 1992:142.) Praktiese riglyne om aan van hierdie behoeftes te voldoen is deur Jackson (1996:1076-1079) saamgestel.

6.3.4 BEMARKING

Geselskapsdiere speel veral 'n rol in bemarkingskommunikasie. Diere het 'n emosionele impak op die meeste mense. Emosie beïnvloed denke en gemoedstoestand wat weer besluitneming beïnvloed. Om diere in advertensies te gebruik het veral ten doel om dus emosie op te wek en aandag te trek wat as positiewe assosiasie met die produk dien, geheue versterk en as motivering dien in die aankoopbesluit. (Vergelyk Van der Walt *et al.*, 1996:23 en Du Preez, 1997:6.) Diere dien ook as sosialiseringensagent. Veral televisie dien as rolmodel, byvoorbeeld: wat word vir die dier gegee om te eet, hoe en deur wie. Sosiale leer vind op dié manier plaas. Alhoewel die doel met die advertensie is om dierekos te bemark, word verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap geïmpliseer. In dieselfde konteks kan 'n onverantwoordelike boodskap oorgedra word, byvoorbeeld waar wilde diere as geselskapsdiere uitgebeeld word of waar onnatuurlike dieregedrag uitgebeeld word. Etiese kwessies kom verder ter sprake in onder andere die miskenning van kultuurverskille ten opsigte van die mens–dierband, die gebruik van diere om kinders as verbruikers in die kapitalistiese stelsel in te trek en die misbruik van diere om 'n ekonomiese doel te bereik. Jennens (1992:178-179), asook Kreger & Mench (1995:146) beklemtoon die rol van verantwoordelike reklame in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie, veral met betrekking tot die invloedryke rol wat die media hierin speel. Die sosiale verantwoordelikheid van die bemarkers ten opsigte van die publiek in die algemeen word deur Marx & Van der Walt (1989:22-23) bespreek.

6.3.5 FILOSOFIE

Filosowe bestudeer die mens in al sy kontekste en kan die mens se wêreldbeskouing en waardebepalings beïnvloed. Vrae met betrekking tot die waarde van diere en die mens–dierband word veral vanuit die filosofie beredeneer (Brennan, 1995:85 en Clark, 1997:113). Die filosofie belig die paralelle wat daar bestaan tussen die hoër diere en die mens wat belangrike implikasies vir dierewelsyn inhou. (Vergelyk Clark, 1997:11 en 168.) Deur die filosofie word 'n groter bewustheid geskep vir die waarde van diere. In die tyd van die verligting het 'n gaping tussen die mens en die wêreld ontstaan. (Vergelyk Turner, 1996:24.) Hierdie gaping word tans weer verklein (Woods, 1998:236) deurdat die natuur as objek, en die verlewending van die natuur, beklemtoon word. Die mens en die natuur, dus die mens en die dier, word weer verenig. Hierdie respons sluit uit by wat Jung (1993:57) gesê het: “If we could accept our physical kinship with all other beings – plants, animals, humans, then we could perceive that what unites us outweighs what divides us”.

6.3.6 FISILOGIE

Baie aannames bestaan oor die waarde van mens–dierinteraksie. Die fisioloog moet bepaal wat werklik die fisiologiese parameters vir wetenskaplike navorsing is. Sulke parameters word deur die studies van Odendaal & Meintjes (1999:1-10) daargestel. Die welsyn van sowel geselskapsdiere en produksiediere, as mense kan hierby baat. Die fisioloog kan dus die meetbare en tasbare bewyse gee dat positiewe mens–dierinteraksie waarde het. Die effek van negatiewe interaksie is dus ook meetbaar. (Vergelyk Plous, 1993:27.) Resultate van fisiologiese navorsing kan dien as vertrekpunt vir die motivering van mens–dierinteraksieprogramme en die etiese implikasies van die gebruik van geselskapsdiere tot voordeel van mense. Rogers (1995:101) beklemtoon die etiese implikasies van die gebruik van geselskapsdiere vir dié doel.

6.3.7 FISIOTERAPIE

Geselskapsdiere kan, in geval waar 'n pasiënt van diere hou, benut word as tussenganger tussen terapeut en pasiënt. Die terapeut maak beter kontak met die pasiënt en die respons op behandeling verbeter. Die dier lok reaksie uit wat as stimulus vir verdere intervensie dien. In geval van terapeutiese perdry, hou dit die volgende voordele in: die beweging en posisie op die dier bou tonus of breek dit af waar nodig, verminder spastisiteit, help met

gewigsverskuiwing en mobilisering van die pelvis, help met bilaterale handgebruik, kontroleer die posisie van arms en bene, en is psigies tot voordeel omdat die pasiënt in beheer voel, kan waag en iets kan doen wat ander nie noodwendig kan nie. Die fisioterapeutiese waarde van perdry word in die literatuur deur onder andere Odendaal (1988:77-79), Fitzpatrick & Tebay (1998:43) en Brown & Tebay (1999:9) bevestig.

6.3.8 GENEESKUNDE

Die dokter in 'n gesinspraktyk het 'n goeie idee van die profiel van sy pasiënte, byvoorbeeld met betrekking tot lewenstylverwante siektes soos hartsiektes (Friedmann & Thomas, 1995:1-17), depressie (Jessen *et al.*, 1996: 339-348 en Rieger & Turner, 1999:231), slapeloosheid, eensaamheid (Shulman, 1993:17), en rou (Stewart, 1996:9). Die rol wat geselskapsdiere in die behandeling hiervan kan speel, moet in ag geneem word in die totale behandelingsprogram. Die terapeutiese waarde wat geselskapsdiere kan speel ten opsigte van terminaal siek kinders is ook uitgelig. (Vergelyk ook Muschel, 1984:457 en Cusack, 1988:59.) Die verbetering van lewenskwaliteit van siek mense, deur positiewe kontak met diere, hou die belangrikste waarde vir die geneeskunde in. Reeds in 1987 is die insluiting van geselskapsdiere by menslike gesondheid bepleit: “No future study of human health should be considered comprehensive if the animals with which they share their lives are not included” (Beck & Meyers, 1996:254).

6.3.9 JOERNALISTIEK

Die basiese reëls van joernalistiek is om op te voed, in te lig en te vermaak. Gebeure kom gewoonlik eerste by die joernalis uit, wat dit op sy beurt by die breër gemeenskap moet uitbring. Die gemeenskap raak bewus van mens–dierinteraksieprojekte en -programme, dus die waarde van mens–dierinteraksie, deur middel van publisiteit. Jones (1996:72-79) ondersteun hierdie respons en is van mening dat die groter bewustheid wat daar vandag bestaan ten opsigte van die behoeftes en vermoëns van diere, primêr te danke is aan mediadekking. Die joernalis onthul dit waarvan mense nie bewus is nie, byvoorbeeld onderdrukking van diere (Swabe, 1999:193) en mense as gevolg van mishandeling en verwaarlosing. Die negatiewe band tussen mense en diere word dus ook deur die joernalis aan die lig gebring wat belangrike implikasies inhou vir die rol van die joernalis in die bevordering van verantwoordelike geselskapsdier-eienaarskap. (Vergelyk Jennens, 1992:188 en Podberscek, 1994:232.)

6.3.10 KOMMUNIKASIEPATOLOGIE

Geselskapsdiere is 'n positiewe medium waardeur kommunikasie bevorder word. Teikengroepe wat uitgesonder word is kinders, psigiatriese pasiënte, en bejaarde persone wat byvoorbeeld beroerteskode opgedoen het. (Vergelyk Adams, 1997:55-56 en Nathanson *et al.*, 1997:97.) Die geselskapsdier dien as tussenganger tussen terapeut en pasiënt (Adams, 1997:53-56) en verminder spanning tydens 'n terapisessie. Diere is 'n tema wat kinders altyd aan die praat kry en word byvoorbeeld gebruik in die behandeling van kinders wat hinkel om vlotheidsversterking teweeg te bring. Hierdie response word bevestig deur die doelwitte van geselskapsdiergefasiliteerde spraakterapie soos deur Hume (1996:1-2) uitgespel.

6.3.11 KRIMINOLOGIE

Die rehabilitasiewaarde wat positiewe interaksie met diere vir die gevangene inhou, is vir die kriminoloog van belang. Die geharde oortreder se leefwêreld bestaan uit geweld omdat status en erkenning daardeur verkry word. Hierdie sisteem van geweld word in die gevangenis deur die bendekultuur voortgesit en in stand gehou. Tog bestaan daar 'n inherente behoefte aan gevoelens van omgee, aanvaarding en liefde, maar om hierdie gevoelens te openbaar word gesien as teken van swakheid. Omdat diere geen vooroordele of eise stel nie, kan hulle in hierdie behoeftes voorsien. (Vergelyk Odendaal, 1988:85 en Van der Merwe, 2000(a):4.) In die proses van verhoudingsbou met 'n dier, kan houdingsverandering plaasvind wat as rolmodel vir positiewe verhoudings met ander mense kan dien. (Vergelyk Thackeray *et al.*, 1994:217-219.) Die gebruik van geselskapsdiere as hulpmiddel in die rehabilitasieproses moet egter met versigtigheid oorweeg word. Die welsyn van die dier kan bedreig word indien interaksie met diere byvoorbeeld as 'n swakheid of kultuurtaboe gesien word. Die hoë korrelasie wat daar bestaan tussen geweld teenoor diere en geweld teenoor mense wat in die literatuur uitgelig is (Arkow, 1994:1004 en Hepner, 1994:89), hou ook verband met hierdie respons. By die implementering van mens-dierinteraksieprogramme, moet die etiese implikasies ten opsigte van sowel mense as diere ten alle tye gerespekteer word. (Vergelyk Van Heerden, 1999:6-7.)

6.3.12 KUNS

Die kunstenaar kan in sy uitbeelding van diere, ongeag watter medium gebruik word, mens-dierinteraksie op 'n realistiese en konstruktiewe wyse uitbeeld. (Vergelyk Brion, 1959:45-132.) Daar moet gewaak word teen geromantiseerde en geïdealiseerde uitbeeldings van mens-dierinteraksie. Veral deur die skryfkuns, word mense se aandag op en belangstelling in diere gevestig, deurdat hulle sensitief gemaak word vir die behoeftes en gedrag van diere. Voorbeelde hiervan sien ons in White (1963), Van der Merwe (1995) en Van der Merwe (1996). Kunstenaars kan dus opvoed en inlig en so bydra tot 'n positiewe mens-dierband.

6.3.13 MAATSKAPLIKE WERK

Die maatskaplike werker is tradisioneel die persoon wat behoeftes en hulpbronne bymekaar kan uitbring. (Vergelyk Hoffman & Sallee, 1994:5 en Thackeray, Farley & Skidmore, 1994:102.) By die implementering van mens-dierinteraksieprogramme, vervul die maatskaplike werker die rolle van inisieerder, beplanner, fasiliteerder en ondersteuner. Die dier word gebruik as hulpmiddel in die terapeutiese proses om onder andere kommunikasie te bevorder, spanning te verlig, as liefdesobjek te dien, realiteitsoriëntering te bewerkstellig, vir projektiewe eksplorاسie te benut, en om as sosiale katalisator te dien. Geselskapsdiere as hulpmiddels in die terapeutiese proses word deur Nathanson *et al.* (1997:90-99) en Reyneke (2000:85-86) uitgelig; die rol van geselskapsdiere in die bevordering van kommunikasie deur Haughie *et al.* (1993:18&19), Stewart (1996:10) en Adams (1997:53-56); en die verligting van spanning deur Bernard (1995:93), Odendaal & Meintjes (1999:1-10) en Spanola (2000:13). Geselskapsdiere as liefdesobjek word beklemtoon deur Sable (1995:337-339) en Belk (1996:121-145); as realiteitsoriëntering deur Bowes (1991:5), Stewart (1996:12) en Zisselman *et al.* (1996:47-51); vir projektiewe eksplorاسie deur Reichert (1998:177-185) en Reyneke (2000:82-84); en as sosiale katalisator deur Shulman (1993:17) en Triebenbacher (1998:136).

6.3.14 OPVOEDKUNDE

Die rol van die opvoedkundige is om leerders se kennis oor alle vorme van lewe uit te brei en by hulle respek daarvoor te vestig; om die verskillende verhoudings waarin die mens staan te ondersoek – dus ook die verhouding tussen mens en dier; om leerders van die omgewingselemente en -objekte, waarvan diere 'n belangrike deel uitmaak, en hul

interafhanklikheid bewus te maak. Verder kan die opvoedkundige 'n rol speel om 'n positiewe en verantwoordelike houding teenoor diere te ontwikkel; om die nodige kundigheid, kreatiwiteit en perspektief by leerders te ontwikkel, sodat hulle 'n bydrae tot die identifisering en oplossing van negatiewe interaksie tussen mense en diere in gemeenskappe kan lewer en om positiewe toekomspektiewe en verwagtinge ten opsigte van die mens, dier en omgewing daar te stel. (Vergelyk Odendaal, 1988:102-104; Ascione, 1992:176-191; Hindle, 1992:14 en Jennens, 1992:180.) Laastens het die opvoedkundige die verantwoordelikheid om die rol van geselskapsdiere as deel van gesonde gesinsfunksionering te erken en die kind daarvoor toe te rus. Die waarde van geselskapsdiere as deel van die gesinsisteem word ook deur Triebenbacher (1998:197) en Swabe (1999:160) beklemtoon.

6.3.15 PSIGIATRIE

Die terapeutiese waarde van geselskapsdiere, wat onvoorwaardelik aanvaar en vergewe, is veral van waarde vir die psigiatrie. Vir pasiënte wat probleme ervaar in die opbou en in stand hou van interpersoonlike verhoudings (Sable, 1995:339) en sosiale interaksie (Van der Walt, 1996:87&89), vervul geselskapsdiere 'n substituuftfunksie (Belk, 1996:125 en Beck & Meyers, 1996:248). Die pasiënt kan 'n band met die dier opbou wat hy nie met ander mense kan nie. Die waarde van positiewe interaksie is ook geleë in die resiprositeit (Stewart, 1996:10) daarvan: die dier reageer op die kontak van die pasiënt en daardeur leer die pasiënt die effek van sy eie gedrag op ander. Die passing van geselskapsdiere by pasiënte moet met oorleg gedoen word, aangesien daar ook siektetoestande by mense voorkom wat nie geskik vir hierdie tipe intervensie is nie.

6.3.16 PUBLIEKE GESONDHEID

Die algemene gesondheidstoestand van die gemeenskap is vir die publieke gesondheidswerker van belang (King, 1999:60). Onkunde oor oordraagbare siektes tussen mense en diere strem die bevordering van positiewe mens-dierinteraksie. Kennis oor soönose is belangrik by die implementering van mens-dierinteraksieprogramme. Die voorkoming en behandeling van soönose word beklemtoon. (Vergelyk Edney, 1995:707; Hines & Fredrickson, 1998:35; en Swabe, 1999:112-113.) Baetz (1992:29) bied algemene riglyne vir die voorkoming van soönose.

6.3.17 REGTE

Die regsberoep het verskillende kontakvlakke met betrekking tot mens–dierinteraksie, onder andere wetgewing rakende dieremishandeling (Kreger & Mench, 1995:150 en Hills & Lalich, 1998:142-143), strafregtelike intervensie insake aanranding, sivilregtelike eise voortspruitend uit diere (veral honde) se gedrag (Labuschagne, 2000:1), en natuurbewaringsregulasies. Vanuit die regte word normatiewe strukture daargestel wat riglyne en grense ten opsigte van mens–dierinteraksie bepaal. Hindle (1992:17) en Opotow (1993:71) bespreek die implikasies van hierdie begrensing. Wetgewing wat in Suid-Afrika direk betrekking op mens–dierinteraksie het, word deur Dalton, Abrahams & Morkel (1998:217-285) saamgevat.

6.3.18 SELKUNDE

Sielkunde se betrokkenheid by mens–dierinteraksie word gesien as dat dit teoretiese raamwerke vir die studieveld daar kan stel. Mens–dierinteraksie kan dus vanuit spesifieke teorieë gemotiveer word (Stokols, 1995:821-837), byvoorbeeld ten opsigte van die mens en sy verhoudingslewe (Sable, 1995:339) en menslike gedrag, wat onder andere deur die behaviorisme verklaar word. (Vergelyk ook Odendaal, 1999:5-38.) Die sielkundige kan ook terapieë toetree in gevalle van negatiewe interaksie, byvoorbeeld in die hantering van angs, fobies en trauma. (Vergelyk ook Cusack, 1988:64-69, Krüger, 1994:258-261 en Hoffman, 2000:1-14.)

6.3.19 SOSIOLOGIE

Die betrokkenheid van die sosioloog lê veral op die vlak van kliniese sosiologie om as fasiliteerder van positiewe mens–dierinteraksie op te tree. Demografie kan ook 'n rol speel, byvoorbeeld getalle van mense teenoor getalle van diere met betrekking tot diergebaseerde voeding vir mense. (Vergelyk Swabe, 1999:10.) 'n Goeie voorbeeld van 'n demografiese studie wat in hierdie studieveld onderneem is, is dié van Snyder (1993:12-13). Die sosioloog bestudeer ook uiterstes wat in die samelewing voorkom, byvoorbeeld samelewings wat diere aanbid teenoor samelewings wat dieselfde diere eet. (Vergelyk Odendaal en Weyers, 1990:21-30.)

LW: Slegs een sosioloog kon in Suid-Afrika geïdentifiseer word om 'n mening oor hierdie onderwerp te gee. Van die redes wat aangevoer is, is dat sosioloë in Suid-Afrika tans swaar fokus op geslags-, ontwikkelings-, bedryfs-, en politieke aspekte. Sosiologie word ook so gedefiniër dat mens-tot-mens interaksie die basis vorm van studies, en dat mens-ander interaksie buite die hoofokusgebied val (Van Aardt, e-pos: 31 Julie, 2000). Volgens die redakteur van 'n sosiologie tydskrif, *Society in Transition* (Jubber, e-pos: 15 September, 2000), het die tema mens–dierinteraksie in die laaste 30 jaar in hierdie publikasie nog glad nie aandag gekry nie. Hy erken dat dit 'n leemte is.

6.3.20 STADS- EN STREEKSBEPLANNING

Oop ruimtes moet beskikbaar wees vir mense en diere om in interaksie te tree. Indien die stads- en streekbeplanner toelaat dat al die oop ruimtes vir ontwikkeling beskikbaar gestel word, sal probleme ontstaan. Binne alle stedelike ontwerp word ruimtes beskikbaar gestel wat vir dié doel van waarde is, maar dit moet doelbewus bewaar word. Die stads- en streekbeplanner kan 'n rol op makro-, meso- en mikrovlak speel. Tans word hoofsaaklik aan die teenwoordigheid van diere in stede op makrovlak aandag gegee, spesifiek met betrekking tot beleidsbepaling wat publieke gesondheid raak. Die behoefte lê egter meer op mesovlak, om positiewe mens–dierinteraksie in die daaglikse lewe van inwoners te bevorder. Hindle (1992:23), Murray (1992:125) en Jackson (1996:1076) ondersteun hierdie menings deur die belangrikheid van effektiewe omgewingsbestuur uit te lig.

6.3.21 TEOLOGIE

Die teoloog se betrokkenheid lê basies op twee terreine. Die sistematiese teologie ondersoek vrae rondom natuur en geloof, en ekologiese vrae en geloof. Daar is tans internasionaal 'n sterk beweging in dié rigting en toenemende navorsing word gedoen. 'n Tweede terrein van betrokkenheid het te make met die etiek (Jones, 1992:200 en Linzey, 1994:viii), byvoorbeeld genetiese manipulasie en die uitwerking daarvan op geloofsvrae. 'n Meer indirekte of sydelingse betrokkenheid van die teologie fokus op Ou- en Nuwe Testamentiese studies oor byvoorbeeld verwysings na diere, soorte diere, korrekte vertalings en benamings, en die rol wat diere in die leefwêreld van mense van daardie tye gespeel het. 'n Baie meer inklusiewe teologie behoort gevolg te word wat die band moet vestig tussen mens-en-God, mens-en-mens, mens-en-dier. 'n Verduideliking van wat met inklusiewe teologie bedoel word, word in die literatuur deur McDaniel (1993:76, 87 & 95)

gegee. Die onderlinge skakeling ('interconnectedness') tussen mens en dier is belangrik, omdat hulle afhanklik van mekaar en dus ook verantwoordelik vir mekaar is. (Vergelyk Linzey, 1994:3; Turner, 1996:25 en Clark, 1997:96&168.)

6.3.22 VEEARTSENYKUNDE

Die veearts konsentreer op die welsyn van die dier in die mens–diervershouding. (Vergelyk Odendaal, 1995:93 en Edney, 1995:706.) Die veearts se kennis van dieregesondheid (Swabe, 1999:182-190) en dieregedrag (Hume, 1980:34) kan positiewe interaksie bevorder. Omdat hierdie positiewe verhouding tussen mens en dier interafhanklik is, is dit egter noodsaaklik dat die veearts ook empatie met die behoeftes van die mens sal hê. Die verantwoordelikheid van die veearts ten opsigte van die welsyn van die mens, word in die literatuur uitgelig deur onder andere Odendaal (1988:157&158); Arkow (1992:520) en Fogle (1999:237).

6.3.23 VERPLEEGKUNDE

Die verpleegkundige is 24 uur betrokke by 'n pasiënt. (Vergelyk Lapp, 1991:79.) Omdat die verpleegkundige die pasiënt se behoeftes die beste ken, kan hy/sy assesser watter waarde 'n mens–dierinteraksieprogram kan hê. Veral in inrigtingsverband (Bredenberg, 1993:7; Perelle & Granville, 1993:8; Fick, 1994:14 en Becker, 1999:44) speel geselskapsdiere veral 'n belangrike rol as bindingsfiguur ('attachment figure') en substitute vir die verlies van ander belangrike verhoudings. (Vergelyk Shulman, 1993:17 en Sable, 1995:338.) Omdat pasiënte dikwels nie diere ken nie, het die verpleegkundige 'n belangrike verantwoordelikheid as rolmodel vir positiewe interaksie. Met betrekking tot privaatverpleging van byvoorbeeld Vigspasiënte (Lander & Reid, 1994:20 en Siegel *et al.*, 1999:15) of Alzheimerpasiënte (Batson *et al.*, 1998:203-214), kan geselskapsdiere benut word as ondersteuning, realiteitsoriëntering en om aktiwiteit te stimuleer. (Vergelyk ook Haughie *et al.*, 1993:18&19 en Stewart, 1996:12.)

6.4. INDELING VAN DISSIPLINES IN VIER VOORGESTELDE KATEGORIEË

Vraag: "Onder watter een van die volgende kategorieë kan (spesifieke dissipline wat respondent verteenwoordig is hier genoem) geplaas word?"

By hierdie vraag het respondente 'n keuse uit vier kategorieë (A - D) gehad. 'n Vyfde keuse (E) is gestel indien die dissipline nie by een van genoemde kriteria sou inpas nie. Opsie E is egter deur geen van die respondente uitgeoefen nie. Alhoewel respondente versoek is om verkieslik slegs een van die kategorieë te kies, het dit gou geblyk dat dit nie in alle gevalle moontlik is nie. Respondente is toegelaat om meer as een opsie uit te oefen. Die resultate was soos volg:

TABEL 3 Kategorieë waarvolgens respondente hul eie dissipline se betrokkenheid by mens-dierinteraksie ingedeel het


Kategorieë (N=45)	f	%
Kategorie A: Dissiplines hoofsaaklik betrokke by die fundamentele uitgangspunte tot die mens-dierband.	13	28,88
Kategorie B: Dissiplines direk betrokke by die implementering van mens-dierinteraksieprogramme, m.a.w. in 'n uitvoerende hoedanigheid.	17	37,77
Kategorie C: Dissiplines indirek betrokke by mens-dierinteraksieprogramme, m.a.w. in 'n raadgewende of adviserende hoedanigheid.	15	33,33
Kategorie D: Dissiplines betrokke by die bevordering van 'n positiewe beeld van die mens-dierband, m.a.w. in 'n ondersteunende rol.	14	31,11

'n Redelike gelyke verspreiding van respondente ten opsigte van die vier kategorieë het voorgekom en kan skematies soos op die volgende bladsy voorgestel word. Die data word vervolgens verder toegelig:

- ☛ Omdat repondente meer as een opsie hier uitgeoefen het, is die totale van die frekwensies en persentasies nie van toepassing nie.

- Die meeste respondente (37,77%) het hul dissipline gesien as dat dit by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme betrokke is of behoort te wees. Op gesigswaarde hou dit nie verband met die 57,7% wat in die vorige afdeling (kyk 6.2) aangedui het dat hulleself betrokke is by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme nie.
- Hierdie resultate is dalk nie 'n goeie refleksie van die kategorisering van dissiplines nie, omdat die studieveld nog nie spesifiek binne elke dissipline gedefiniêr is nie. Elke respondent reageer waarskynlik vanuit 'n persoonlike verwysingsraamwerk.

FIGUUR 7 Profiel van kategorie-indeling van dissiplines op grond van die aard van hul betrokkenheid by mens–dierinteraksie



Die spesifieke response met betrekking tot die kategorie indeling was soos volg:

TABEL 4 Spesifieke response met betrekking tot die aard van dissiplines se betrokkenheid by mens–dierinteraksie

Betrokke by fundamentele uitgangspunte (Kategorie A)	Direk betrokke by implementering van programme (uitvoerend) (Kategorie B)	Indirek betrokke by implementering van programme (raadgewend) (Kategorie C)	Betrokke by die bevordering van die beeld (Kategorie D)
Kriminologie	Kommunikasiepatologie*	Fisioterapie	Bemarking*
Opvoedkunde*	Verpleegkunde*	Geneeskunde	Fisioterapie
Joernalistiek*	Teologie	Publieke Gesondheid	Kriminologie
Teologie*	Fisioterapie	Maatskaplike Werk	Teologie
Filosofie*	Maatskaplike Werk*	Regte	Kuns
Kuns	Arbeidsterapie*	Fisiologie	Joernalistiek
Sielkunde	Sielkunde*	Argitektuur*	Fisiologie*
Regte	Geneeskunde	Psigiatrie*	Opvoedkunde
Antropologie	Publieke Gesondheid	Stads- en Streekbeplanning	Sosiologie
	Fisiologie	Sielkunde	Filosofie
	Veeartsenykunde	Veeartsenykunde*	Stads- en Streekbeplanning
	Antropologie	Antropologie	Regte

NOTA: * Twee response per kategorie-indeling

- ☛ Hierdie kategorisering van dissiplines deur die respondente vergelyk tot 'n groot mate (18 uit die 23, d.w.s 78%) met die kategorisering wat in Hoofstuk 4 (Figuur 3) deur die navorser voorgestel is.
- ☛ Ten opsigte van 14 (60,9%) van die dissiplines stem die twee respondente vanuit daardie dissipline ooreen wat betref die kategorisering van sy/haar dissipline.
- ☛ Hierdie vraag is waarskynlik op gevoelswaarde eerder as kennis gebou en word voorspel dat, soos kennis oor tyd binne elke dissipline oor die studieveld ontwikkel, groter sekerheid oor elk se plek en rol sal ontwikkel.
- ☛ Alhoewel respondente by hierdie vraag aanvanklik slegs een keuse gegee is, was 14 respondente (31,11%) van mening dat die dissipline wat hy/sy verteenwoordig by twee van die kategorieë geplaas kan word.

- Alhoewel daar grense tussen dissiplines bestaan, kan dissiplines nie sondermeer gekategoriseer kan word in terme van hul betrokkenheid by die studieveld nie. Die aard van die spesifieke persoon se betrokkenheid sal hier 'n bepalende faktor wees.
- Binne elke dissipline ook subdissiplines, wat vergelyk kan word met substeme (Hoffman & Sallee, 1994:54&55), ter sprake is. Die aard van hierdie subdissiplines se betrokkenheid by die studieveld mag ook verskil.

6.5. IDENTIFISERING VAN DISSIPLINES BETROKKE BY DIE STUDIEVELD

6.5.1 KEUSE VAN GEÏDENTIFISEERDE DISSIPLINES

Vraag: "Watter van die volgende dissiplines speel na u mening 'n rol in mens-dierinteraksie as studieveld?"

Respondente het by hierdie vraag die geleentheid gekry om vanuit 'n voorgeskrewe lys van dissiplines, dié te kies wat volgens hul mening ook by die studieveld betrokke is. Die response word vervolgens in tabelvorm weergegee:

TABEL 5 Die mate waarin respondente die dissiplines, soos deur die navorser geïdentifiseer, se betrokkenheid by die studieveld erken

Dissipline (N=45)	% JA	% NEE	% ONSEKER
a) Antropologie & Argeologie	84,44	13,33	2,22
b) Arbeidsterapie	77,78	13,33	8,89
c) Argitektuur	60,00	26,67	13,33
d) Bemarking	95,56	0,00	4,44
e) Filosofie	82,22	2,22	15,56
f) Fisiologie	88,89	4,44	6,67
g) Fisioterapie	66,67	22,22	11,11
h) Geneeskunde	82,22	8,89	8,89
i) Joernalistiek	88,89	2,22	8,89
j) Kommunikasiepatologie	64,44	15,56	20,00
k) Kriminologie	84,44	11,11	4,44
l) Kuns	93,33	2,22	4,44
m) Maatskaplike Werk	88,89	2,22	8,89
n) Opvoedkunde	100,00	0,00	0,00
o) Psigiatrie	93,33	2,22	4,44
p) Publieke Gesondheid	95,56	0,00	4,44
q) Regte	68,89	22,22	8,89
r) Sielkunde	95,56	2,22	2,22
s) Sosiologie	80,00	2,22	17,78
t) Stads- en Streekbeplanning	84,44	6,67	8,89
u) Teologie	66,67	11,11	22,22
v) Veeartsenykunde	97,78	2,22	0,00
w) Verpleegkunde	84,44	8,89	6,67


Die reaksie op hierdie vraag het verras. Die meeste respondente het die rol van al die dissiplines in die studieveld, soos deur die navorser geïdentifiseer, erken. Die data word vervolgens bespreek:

- Opvoedkunde (100%); Veeartsenykunde (97,78%); Bemarking, Publieke Gesondheid & Sielkunde (95,56% elk); en Kuns & Psigiatrie (93,33% elk), is die 7 dissiplines wat die vier hoogste tellings behaal het. Hierdie is dus die 7 dissiplines wie se rol in die studieveld deur die meeste van die respondente erken word.

- ☛ Daar is nie 'n groot verskil in waarde met die 11 dissiplines wat hierop volg nie, naamlik Fisiologie, Joernalistiek, & Maatskaplike Werk (88,89% elk); Antropologie & Argeologie, Kriminologie, Stads-en Streekbeplanning & Verpleegkunde (84,44% elk); Filosofie & Geneeskunde (82,22% elk); Sosiologie (80%) en Arbeidsterapie (77,78%).
- ☛ Die vyf dissiplines wat die laagste tellings behaal het, maar steeds nie wesenlik verskil van bogenoemde nie, is Regte (68,89%), Fisioterapie & Teologie (66,67% elk); Kommunikasiepatologie (64,44%) en Argitektuur (60%).
- ☛ Behalwe ten opsigte van die rol van die veearts (Odendaal, 1989(b):11-14) is daar in die literatuur geen aanduiding dat enige een van die dissiplines as belangriker as 'n ander geag word nie.
- ☛ Alhoewel daar nie 'n groot verskil tussen die twee is nie, is dit tog insiggewend dat die opvoedkundige deur 100% van die respondente geïdentifiseer is, terwyl verwag is dat die rol van die veearts meer voor die hand liggend sou wees.
- ☛ Die hoë tellings van sowel Sielkunde (95,56%) as Psigiatrie (93,33%) was te wagte. Albei hierdie dissiplines word deurlopend direk in die literatuur aangespreek en is ook dié dissiplines wat verbind word met die ontstaan en vroeë ontwikkeling van die studieveld. (Vergelyk Odendaal, 1989(b):169-171.)
- ☛ Die wye praktiese toepassing van Maatskaplike Werk in hierdie studieveld verklaar die hoë telling van 88,89%. Alhoewel al die respondente wat positief op hierdie spesifieke vraag geantwoord het, in 'n opvolg kontrolevraag die rol van die maatskaplike werker kon motiveer, is dit wel moontlik dat die feit dat die respondente bewus was van die feit dat die navorser self 'n maatskaplike werker is, die respons kon beïnvloed het. (Vergelyk Neuman, 1994:247.)

'n Skematiese voorstelling van die mate waarin respondente die dissiplines, soos deur die navorser geïdentifiseer, se betrokkenheid by die studieveld positief erken het, word vervolgens gegee:

FIGUUR 8 Die positiewe erkenning (persentasie “Ja’s”) van dissiplines wat na die mening van respondente ‘n rol speel in mens–dierinteraksie as studieveld



6.5.2 IDENTIFISERING VAN DISSIPLINES NIE DEUR DIE NAVORSER GEÏDENTIFISEER

Vraag: “Kan u aan enige ander dissipline, wat nie hierbo genoem is nie, dink wat ook ‘n rol speel in hierdie studieveld?”

Hierdie is as ‘n oop vraag gestel en nog 14 addisionele dissiplines is geïdentifiseer wat vervolgens, in alfabetiese volgorde, weergegee word:

TABEL 6 Identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld wat nie in die onderhoudskedule genoem is nie

Dissipline (N=45)	f	%
Aptekerswese	3	6,66
Dierkunde/soölogie	6	13,33
Ekonomie	2	4,44
Geskiedenis	2	4,44
Ingenieurswese	6	13,33
Inligtingstegnologie	4	8,88
Landbou	2	4,44
Landskapsargitektuur	2	4,44
Linguïstiek	2	4,44
Omgewingsbewaring en -Bestuur	5	11,11
Politieke Wetenskappe	2	4,44
Statistiek	2	4,44
Toerisme	1	2,22
Voedselwetenskappe	5	11,11

Nie al die respondente het op hierdie vraag reageer nie, terwyl van die respondente twee of meer dissiplines geïdentifiseer het. Die totale van die frekwensies en persentasies is dus nie van toepassing nie. Hierdie was as 'n geslote vraag gestel en respondente is nie die geleentheid gebied om die 'ander dissiplines' wat hulle identifiseer, te motiveer nie. Dit word as leemte in die onderhoudskedule beskou. Ten spyte daarvan dat respondente nie die geleentheid gebied is om op hul antwoord uit te brei nie, het enkele spontaan hul antwoord gemotiveer. Menings van respondente word waar moontlik, met 'n verwysings uit die literatuur verbind:

6.5.2.1 Aptekerswese

Die apteker het toegang tot middels wat versprei word vir veeartse en verspei ook homeopatiese produkte wat al meer gewild raak onder geselskapsdierienaars. Allergiese reaksies op diere word dikwels met oor-die-toonbank medikasie behandel en die apteker kan ook 'n rol speel in die voorkoming van siektes by geselskapsdierienaars deur die verskaffing van ontwormingsmiddels.

6.5.2.2 Dierkunde/soölogie

Die anatomie, fisiologie en etiologie van die dier is maar enkele belangrike komponente van mens–dierinteraksie. Alhoewel hierdie komponente deel vorm van die opleiding van veeartse, is dit nie net van belang vir hulle nie. Dierkunde speel onder andere 'n belangrike rol in die onderwys, handel in diere en diereprodukte, diersport, omgewingsbewing, dierewelsyn en gemeenskapsgesondheid.

6.5.2.3 Ekonomie

Vir die ekonomiese modelle oor die biodiversiteit van die samelewing van belang. In sekere gemeenskappe is die ekonomiese aktiwiteit afhanklik van diere en diereprodukte, terwyl in ander die handel in diere en diereprodukte welvaart verhoog. Bevolkingsgetalle het 'n direkte invloed op die ekonomie. Hoër bevolkingsgetalle stimuleer die vraag na voedsel en diere is 'n bron van voedsel. Meer as die helfte van Westerse gesinne het een of meer geselskapsdiere. Verbruikersbesteding op dierekosse, -medisyne, -speelgoed ensameer groei jaarliks. Ook die modewêreld, veral klere en kosmetiek, speel 'n rol in die ekonomie. Dierewelsyn word direk hierdeur geraak.

6.5.2.4 Geskiedenis

Mens–diervershoudings ontwikkel en verander oor tyd. Vanuit die geskiedenis van 'n volk kan hierdie ontwikkelingsproses nagevors word. Die aard van mens–dierinteraksie soos dit binne 'n spesifieke sisteem vandag daaruitsien, kan verband hou met hierdie geskiedkundige ontwikkeling. Beter begrip vir mense en hul verhouding tot diere kan uit die geskiedenis ontstaan.

6.5.2.5 Ingenieurswese

Voorbeelde wat hier genoem is, is die ontwerp van rystoele en ander hulpmiddels en strukturele aanpassings van byvoorbeeld geboue, hysbakke en voertuie vir gestremde persone wat geselskapsdiere het as hulp of gewoon as geselskap.

6.5.2.6 Inligtingstechnologie

Rekenaartechnologie kan 'n belangrike bydrae lewer tot alternatiewe opleidingsmetodes om laboratoriuimdiere uit te skakel, om inligting rakende mens–dierinteraksieprogramme en projekte te versprei, en die kwantitatiewe meting van die waarde van mens–dierinteraksie in navorsing.

6.5.2.7 Landbou

Diere (ook geselskapsdiere) is deel van die voedselketting. Ook dierebyprodukte word algemeen in onder andere die voedsel-, kosmetiek- en farmaseutiese bedryf gebruik. Gemiddeld 4162 bulle, koeie, kalwers, varke, skape en bokke word per uur per dag in Suid-Afrikaanse abbatoirs geslag (Van der Merwe, 2000(b):5). Indien die landbou, as gevolg van die groeiende populasie, nie meer in die vraag na 'plaasdiere' kan voorsien nie, word geselskapsdiere die teiken (Van der Merwe, 1999/2000:6). In sekere gemeenskappe speel diere ook 'n belangrike rol as pak- en trekdiere. Die welsyn van sowel mense as diere word deur die gebruik van diere as landbouproduk of hulpmiddel geraak. Vergelyk ook Swabe (1999:Hoofstuk 3) en Burnham (2000:2).

6.5.2.8 Landskapsargitektuur

Die uitleg en ontwerp van tuine, parke en ander groen areas is die spesialiteitsveld van die landskapsargitek. Parke en ander groen areas kan doelbewus ontwerp word om positiewe mens-dierinteraksie te bevorder. Tuine kan só ontwerp en uitgelê word dat dit esteties is, maar terselfdertyd die geselskapsdier se behoeftes en gedrag in ag neem. Veral by die ontwerp van hoëdigtheidsbehuising sal die toelaatbaarheid van geselskapsdiere afhang van die doelmatige ontwerp van sowel die geboue as die oop ruimtes daarom.

6.5.2.9 Linguïstiek

Die persepsies en houdings van mense teenoor diere word in hul taalgebruik en woordeskat gereflekteer. Woorde soos 'lewende hawe', 'vrek', 'vreet', 'gedra hom soos 'n dier', 'offer', 'uitdun', 'uitsit' en skelwoorde soos 'vark', 'hond' en 'donkie' wat in die Afrikaanse taal gebruik word, is maar enkele voorbeelde van hoe taal indirek bydra tot die benadeling van 'n positiewe mens-dierband. (Vergelyk Spies, 1998:15; Mesthrie, 2000:6 en Levien, 2000:6.)

6.5.2.10 Omgewingsbewaring en -Bestuur

Geselskapsdiere speel 'n rol in die bestuur en bewaring van die omgewing deurdat onverantwoordelike geselskapsdiereienaarskap die natuurlewe kan beskadig. 'n Oorbevolking van katte in 'n area kan byvoorbeeld die voël en kleindierlewe uitroei (National Geographic Video, 1998). Indien spesifieke spesies diere by die implementering van geselskapsdiereprogramme gebruik word (byvoorbeeld Love Birds) word permitte benodig. Opvoeding van die publiek rondom die nadele van wildediere as geselskapsdiere kan ook as die verantwoordelikheid van die natuurbewaarder gesien word. Die bestuur en beheer van siektes soos perdesiekte en hondsdolheid word ook deur die Departement Natuurbewaring hanteer.

6.5.2.11 Politieke Wetenskappe

Die regte van diere het ook 'n politieke implikasie. Politici raak om verskeie redes, en met verskillende motiewe, betrokke by die debat rondom diereregte. Onderdrukking van diere word dikwels vergelyk met die onderdrukking van ander groepe (Animal Voice, Januarie-April, 2000:7 en Animal Voice, September-Desember, 2000:4). Geweld het in Suid-Afrika 'n politieke speelbal geword. Die korrelasie tussen geweld teenoor mense en geweld teenoor diere word deur navorsing ondersteun. Vergelyk Arkow (1998:1-3) en Van der Merwe (Animal Voice, Spesiale Bylae, September, 2000).

6.5.2.12 Statistiek

Statistiese analises van die effek van mens–dierinteraksie lewer 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld op die gebied van navorsing. Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsing word ondersteun deur statistiese gegewens. Alhoewel die navorsing as sodanig nie deur die statistikus onderneem word nie, is die navorser afhanklik van die verwerking en interpretasie van data deur die statistikus. (Vergelyk Pauw, 1999:65.)

6.5.2.13 Toerisme

Alhoewel die fokus van toerisme nie geselskapsdiere is nie, speel wildlewe 'n belangrike rol in die bevordering van toerisme en dus die ekonomie van 'n land. 'n Baie meer indirekte vorm van mens–dierinteraksie vind plaas.

6.5.2.14 Voedselwetenskappe

Die algemene gesondheid van 'n gemeenskap is afhanklik van 'n gebalanseerde diëet. Nie alleen die beskikbaarheid van voedsel nie, maar ook die aard en kwaliteit daarvan. Sowel etiese as gesondheidsvrae beïnvloed die gebruik van diere as voedsel. 'n Wêreldwye tendens is die beweging na vegetarisme. In 'n berig in die *Saturday Argus* (Animal Voice, Augustus-November, 1997:5) groei die getal vegetariërs in Brittanje alleen, met 5 000 per week. Albert Einstein het gesê: **“Nothing will benefit human health and increase the chances for survival of life on earth as much as the evolution to a vegetarian diet”** (Animal Voice, Januarie-April, 2000:3). Die diëet van geselskapsdiere vier tans hoogty in die veeartsenykunde. Navorsing ten opsigte van die rol van diëet in dieregesondheid en -gedrag bereik tans 'n hoogtepunt. Die lewenstyl van geselskapsdiereienaars en die emosionele band met die dier, beïnvloed ook diëet.

6.6. DIE ROL VAN MAATSKAPLIKE WERK MET BETREKING TOT MENS-DIERINTERAKSIE

Vraag: “Ek merk dat u maatskaplike werk as een van die dissiplines wat ‘n rol speel in hierdie studieveld geïdentifiseer het. Motiveer asseblief.”

Respondente het op hierdie vraag hoofsaaklik deur middel van ‘n voorbeeld uit die praktyk gereageer. Indien respondente die geleentheid sou gehad het om maatskaplike werk in een van die vier kategorieë (kyk 6.4) te plaas, sou dit dus Kategorie B: ‘Dissiplines direk betrokke by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme’ wees. Daar is gepoog om response woordeliks neer te skryf (of direk te vertaal) en geen verdere aanmoediging (“probing”) of verheldering van die response is gedoen nie. Onderhoudvoerder sydigheid is hierdeur beperk. (Vergelyk Neuman, 1994: 248-250 en Bless & Higson-Smith, 1995:145.) Die grootste persentasie respondente (88,89%) het die rol van Maatskaplike Werk erken en gemotiveer. Motiverings van respondente wat ‘NEE’ (2,22%) of ‘ONSEKER’ (8,89%) by hierdie vraag geantwoord het, word ook ingesluit. Die response word saamgevat en gelys, maar nie per dissipline nie aangesien dit persoonlike menings is wat gekoppel kan word aan eie ervaring, blootstelling en/of insig. Die response stem tot ‘n groot mate ooreen met die inligting verkry uit die literatuurnavorsing en word vervolgens weergegee:

- ☛ Die maatskaplike werker fokus op die verhoudings in die gemeenskap, dus ook die verhoudings tussen mense en diere, om daardeur welsyn in die algemeen te verbeter. (Vergelyk Hoffman & Sallee, 1994:116 en Sable, 1995:338.)
- ☛ In gemeenskapsprojekte in onderontwikkelde gebiede, kan die maatskaplike werker uitreik na mense om hulle toe te rus om verantwoordelik teenoor diere op te tree. Die opvoedingsrol van die maatskaplike werker (Hoffman & Sallee, 1994:261 en Potgieter, 1998:167) is hier ter sprake.
- ☛ Die maatskaplike werker word gesien as die skakel (‘link’) tussen mense in nood en hulpbronne (Thackeray *et al.*, 1994:8-11), en diere kan ook as hulpbronne in die gemeenskap beskou word.
- ☛ Die maatskaplike werker werk in gemeenskappe en moet bewus wees van byvoorbeeld die rol van dieregesondheid op die gesondheid van mense (Hines & Fredrickson,

1998:35), die verband tussen gesinsgeweld en dieremishandeling (Arkow, 1998:2) en die rol wat diere kan speel om eensaamheid te verlig (Sable, 1995:339).

- ☛ Sowel die terapeutiese intervensie deur middel van diere (Reyneke, 2000:82-84), as die rol wat diere in die algemene welstand ('well-being') van 'n gemeenskap speel (King, 1999:59), is vir maatskaplike werk van waarde.
- ☛ Die maatskaplike werker word gesien as die fasiliteerder en inisieerder van intervensieprogramme vir verskillende teikengroepe. (Vergelyk Siegel, 1993:166 en Potgieter, 1998:169.)
- ☛ Vir die persoon in nood, bied diere 'n gevoel van 'behoort aan' (Lasher, 1998:133), sekuriteit (Bodmer, 1998:238), agting (Beck & Meyers, 1996:249) en liefde (Sable, 1995:337).
- ☛ By die verwydering van kinders uit ouerlike sorg, kan diere vertroosting en stabiliteit bied. (Vergelyk Triebenbacher, 1998(b):197.)
- ☛ Die maatskaplike werker speel 'n belangrike rol in die bevordering van kennis- en houdingsverandering ten opsigte van mens–dierinteraksie, veral gesien in die lig van die korrelasie tussen dieremishandeling en mishandeling teenoor mense. Die rol van die maatskaplike werker as veranderingsagent word onder andere deur Hoffman & Sallee (1994:252-258) beskryf.
- ☛ Deur mens–dierinteraksie waar te neem en te erken kan die maatskaplike werker 'n bydrae lewer om die rol van diere, as volledig deel van die samelewing (Beck & Meyers, 1996:248), te bevorder.
- ☛ Geselskapsdiere kan aangewend word tydens intervensie met bejaardes (Shulman, 1993:17), getraumatiseerde kinders (Reichert, 1998:177-185) en by rehabilitasieprogramme (Miller *et al.*, 1998:3 en Nicolai, 1998:126). Geselskapsdiere gee sin aan die lewe, leer empatie, bied geselskap en gee geleentheid om die behoefte aan versorging uit te leef. (Vergelyk ook Endenburg *et al.*, 1994:12 en Davis & Juhasz, 1995:81.)
- ☛ Die maatskaplike werker is teenwoordig by die fokuspunt van interaksie en word gesien as fasiliteerder van intervensie by maatskaplike problematiek en krisisse (Siegel,

1993:166). Die maatskaplike werker is die kernpersoon (Thackeray *et al.*, 1994:375), maar kan nie in isolasie werk nie (Dluhy, 1986:xiv).

- ☛ Die betrokkenheid van die maatskaplike werker sal bepaal word deur die behoeftes van die kultuurgroep waarmee gewerk word (Hoffman & Sallee, 1994:178-179). Verligting van spanning (McNicholas, 1998:117-118) word as die belangrikste fokus van die maatskaplike werker gesien.
- ☛ Tydens intervensie met byvoorbeeld straatkinders en rehabilitasieprogramme vir oortreders, speel die onvoorwaardelike liefde en aanvaarding van geselskapsdiere (Stewart, 1996:9-11) 'n belangrike rol om gedragsverandering teweeg te bring. (Vergelyk ook Cooper, 1994:5; Dalphonse, 1994:46-53 en Whyham & Ormerod, 1994:25.)
- ☛ Tydens gesinsterapie kan die geselskapsdier as saambindende faktor (Cox, 1993:19) gesien word, en by die rehabilitasie van alkoholiste is die nie-veroordelende band (Stewart, 1996:9) met geselskapsdiere van waarde.
- ☛ Maatskaplike werkers word gesien as fasiliteerders van die proses omdat hulle direkte kontak met die verskillende teikengroepe het (Hoffman & Sallee, 1994:343).
- ☛ Die maatskaplike werker het 'n opvoedings- en versorgingsrol te speel om byvoorbeeld verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap te bevorder in arm gemeenskappe, en om te sien na sowel die welsyn van die mense as die diere. (Vergelyk Ascione, 1992:176-191; Hindle, 1992:14; Hills, 1995:141 en Van der Merwe, 2000(c):2-4.)
- ☛ Geselskapsdiere kan veral aangewend word tydens spelterapeutiese intervensie (Reyneke, 2000:82-84) met mishandelde kinders (Arkow, 1994:1005).
- ☛ Maatskaplike werk het 'n holistiese benadering tot hulpverlening (Sherif, 1979:197) en speel 'n primêre rol daarin om ander spanlede op te voed en te betrek by 'n intervensieprogram (Thackeray *et al.*, 1994:375 en Van Heerden, 1999:7).
- ☛ Geselskapsdiere kan deur die maatskaplike werker aangewend word om sosiale interaksie te bevorder en eensaamheid te verlig (McNicholas & Collis, 1998:117-118).
- ☛ Geselskapsdiere kan aangewend word as hulpmiddel en verwysingsraamwerk om basiese lewensbeginsels en riglyne vir gedrag neer te lê (Kidd & Kidd, 1985:15).

- ☛ Mens-dierinteraksie kan in die totale proses van hulpverlening benut word as assesseringsinstrument om gedrags- of houdingsverandering (Miller *et al.*, 1998:3, Nicolai, 1998:126 en Van der Merwe, 2000(a):4) wat tydens rehabilitasie plaasvind, te meet.
- ☛ Die maatskaplike werker word gesien as die skakel tussen dissiplines, en die persoon wat fokus op die menslike kant van die verhouding. (Vergelyk Germain, 1984:78-79.)
- ☛ Die rol van geselskapsdiere in die gesinsisteem (Sable, 1995:339 en Fogle, 1999:237) is op die vlak van maatskaplike werk. Die maatskaplike werker kan positiewe interaksie in die gesin bevorder deur byvoorbeeld die geselskapsdier as bron van spanningverligting (McNicholas, 1998:117-118) te benut.
- ☛ Die maatskaplike werker is tradisioneel dié een wat behoeftes en hulpbronne bymekaar uitbring (Hoffman & Sallee, 1994:5). Die maatskaplike werker se rolle word gesien as dié van beplanner, fasiliteerder en ondersteuner by die implementering van mens-dierinteraksieprogramme. (Vergelyk ook Germain, 1984:78&79.)
- ☛ Maatskaplike werkers werk baie met kinders. Kinders en diere is veral 'n goeie kombinasie, omdat die mens-dierband emosionele en psigiese voordele inhou (Melson, 1998:234).
- ☛ Die maatskaplike werker kan 'n voorkomende rol (Thackeray *et al.*, 1994:140) speel met betrekking tot geweld in die samelewing (Arkow, 1994:1004-1007). Mens-dierinteraksieprogramme kan gesonde waardes kweek (Van der Merwe, 2000:2-4).
- ☛ Die sosiale aspekte van mens-dierinteraksie kan deur middel van ontwikkelingsprogramme in gemeenskappe deur die maatskaplike werker vanuit 'n holistiese en sistemiese benadering aangebied word. (Vergelyk ook Sherif, 1979:197; Hoffman & Sallee, 1994:329; Sable, 1995:338 en Copeland, 1998:3.)
- ☛ Die maatskaplike werker ken die omstandighede van die pasiënt die beste en kan as fasiliteerder optree om die regte dier, by die regte pasiënt, op die regte tyd en plek uit te bring. (Vergelyk Van Heerden, 1999:6&7 en Spanola, 2000:13.)

- ☛ Die maatskaplike werker ken die behoeftes van pasiënte (Sable, 1995:336 en McNicholas & Collis, 1998:117-118) en kan dus spesifieke pasiënte identifiseer wat kan baat vind by mens–dierinteraksie.
- ☛ Terapeutiese intervensie asook omskrywing van benaderings tot gesinsgeweld, na aanleiding van die verband tussen gesinsgeweld en dieremishandeling (Boat, 1995:232 en Arkow, 1996:31&32), word as die maatskaplike werker se verantwoordelikheid gesien.
- ☛ Die rol van geselskapsdiere tydens gesinsinteraksie (Jung, 1993:54-59 en Fogle, 1999:237), asook interaksie in die gemeenskap (Mithen, 1999:195), kan deur die maatskaplike werker benut word.
- ☛ Die maatskaplike werker kan 'n rol speel ten opsigte van die beïnvloeding van waardes en norme in die gemeenskap ten opsigte van mens–dierinteraksie. (Vergelyk ook Opatow, 1993:83; Lasher, 1998:132&133 en Swabe, 1999:14.)
- ☛ Mens–dierinteraksie kan deel wees van terapeutiese intervensie, byvoorbeeld vir kinders wat 'n gebrek het aan bindingsfigure ('attachment figures') (Netting *et al.*, 1987:63 en Sable, 1995:336).
- ☛ Geselskapsdiere kan veral in inrigtingsverband (kinderhuise en tehuse vir bejaardes) benut word as 'n substituuat vir verhoudings met belangrike ander persone (Belk, 1996:125 en Bodmer, 1998:238).
- ☛ Maatskaplike werk fokus op die negatiewe komponent van menswees. Die spesifieke rol van mens–dierinteraksie is egter onseker.
- ☛ Die rol van maatskaplike werk is om lewenskwaliteit te bevorder (Witskrif vir Welsyn, 1997:16 en Potgieter, 1998:9). Mens–dierinteraksie kan sowel terapeuties as ontwikkelend aangewend word om dié doel te bereik. (Vergelyk Wilson, 1994:8 en Wilson, 1998:xiv.)
- ☛ Maatskaplike werkers werk meer met agtergeblewe groepe en sosiale problematiek. Hul rol in mens–dierinteraksie kan dus nie ingesien word nie.

- ☛ Die terapeutiese rol van die maatskaplike werker kan ingesien word, maar onsekerheid bestaan oor hoe geselskapsdiere daarby inpas.
- ☛ Maatskaplike werk het onder andere te make met sosiale klas. Sosiale klas beïnvloed mense se houding teenoor diere (Snyder, 1993:12-13).
- ☛ Die maatskaplike werker behoort 'n rol te speel in die hantering van trauma wat gegaar gaan met die verlies van 'n geselskapsdier. (Vergelyk Gerwolls & Labott, 1994:172-185; Stallones, 1994:52; Turner, 1997:227&228 en Fogle, 1999:237.)
- ☛ Diere vul 'n belangrike leemte by eensame en siek mense. Die behoefte aan nie-bedreigende fisiese kontak (Stewart, 1996:9) word daardeur vervul.
- ☛ Die maatskaplike werker ken die behoeftes van mense en kan daarom terapie toegee. Die interaksie tussen die mens en die dier word vanuit die perspektief van die mens raakgesien. (Vergelyk Odendaal, 1988:79-98; Stewart, 1996:8-11 en Potgieter, 1998:169.)
- ☛ Die maatskaplike werker kan die gesin begelei om interaksie tussen die pasiënt en die dier te bevorder (Sable, 1995:339), en speel ook 'n ondersteunende rol (Potgieter, 1998:168) by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme.
- ☛ Geselskapsdiere kan balans bring in disfunksionele gesinne deurdat hulle byvoorbeeld as substituuat vir verliese, bron van ondersteuning en katarsis kan dien. (Vergelyk Sable, 1995:338; Stewart, 1996:9 en Adkins & Rajecki, 1999:40.)

Die response op die vraag na Maatskaplike Werk se betrokkenheid by mens–dierinteraksie kan in **vyf hoofgroepe** verdeel word:

Groep 1: Die doel met Maatskaplike Werk intervensie, byvoorbeeld voorkoming, terapie, ontwikkeling, gedragsverandering, houdingsverandering, verhoudingsbou, rehabilitasie, en bevordering van lewenskwaliteit of algemene welstand.

Groep 2: Die rolle van die maatskaplike werker, onder andere fasiliteerder, ondersteuner, skakel, beplanner en opvoeder.

Groep 3: Teikengroepe in Maatskaplike Werk, byvoorbeeld kinders, bejaarde persone, gesinne, persone in inrigtingsversorging en siek persone.

Groep 4: Behoeftes van mense, soos verligting van eensaamheid, troos, stabiliteit, aanvaarding en nie-veroordeling, liefde, binding, sekuriteit, empatie, verligting van spanning, substituu, en om te behoort aan.

Groep 5: Benaderings in Maatskaplike Werk, onder andere die sisteembenadering, holistiese benadering en ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk.

6.7. MULTIDISCIPLINÊRE SAMEWERKING

6.7.1 SAMEWERKING TUSSEN DISSCIPLINES

<p>Vraag: "Met watter van die dissiplines waarby u 'JA' geantwoord het, het u al op die terrein van mens–dierinteraksie saamgewerk?"</p>

Die doel met hierdie vraag was om 'n aanduiding te kry van die mate waarin respondente multidisiplinêr saamwerk op die gebied van mens–dierinteraksie. Die response word vervolgens in tabelvorm weergegee:


TABEL 7 Omvang van samewerking met spesifieke dissiplines

Dissipline (N=45)	f	%
Antropologie	4	8,89
Arbeidsterapie	8	17,78
Argitektuur	4	8,89
Bemaking	9	20,00
Filosofie	6	13,33
Fisiologie	5	11,11
Fisioterapie	3	6,67
Geneeskunde	8	17,78
Joernalistiek	13	28,89
Kommunikasiepatologie	2	4,44
Kriminologie	3	6,67
Kuns	7	15,56
Maatskaplike Werk	12	26,67
Opvoedkunde	15	33,33
Psigiatrie	7	15,56
Publieke Gesondheid	3	6,67
Regte	7	15,56
Sielkunde	15	33,33
Sosiologie	4	8,89
Stads- en Streekbeplanning	3	6,67
Teologie	6	13,33
Veeartsenykunde	28	62,22
Verpleegkunde	9	20,00

- ☛ Respondente kon meer as een keuse by hierdie vraag uitoefen. Die totale van die frekwensies en persentasies is dus nie van toepassing nie.
- ☛ Die enigste hoë waardes wat ooreenstem, is met betrekking tot Veeartsenykunde waar 97,78% (kyk Tabel 5) die rol van die veearts in die studieveld erken het, en 62,22% aangedui het dat hulle al met 'n veearts saamgewerk het.

- Alhoewel 100% (Tabel 5) die rol van die opvoedkundige erken het, het slegs 33,33% al met 'n opvoedkundige saamgewerk.
- Met die groep wat die derde hoogste telling (95,56%) gekry het by die identifisering van dissiplines, naamlik Bemarking, Publieke Gesondheid & Sielkunde, het onderskeidelik slegs 20%, 6,67% en 33,33% samewerking plaasgevind.
- Maatskaplike Werk is deur 88,89% geïdentifiseer as dat dit 'n rol speel in die studieveld, maar slegs 26,67% het al met 'n maatskaplike werker op dié terrein saamgewerk.
- Samewerking tussen dissiplines hou dus nie noodwendig verband met die waarde wat daar aan die rol van 'n dissipline in die studieveld geheg word nie.
- Samewerking kan ook verskillend geïnterpreteer word en kan in omvang wissel van byvoorbeeld slegs 'n eenmalige kontak om 'n mening of raad te vra, tot daaglikse persoonlike kontak tydens deelname aan 'n projek.

FIGUUR 9 Skematiese voorstelling van die dissiplines met wie daar die meeste op die gebied van mens–dierinteraksie saamgewerk word



Nadat respondente se reaksie met betrekking tot multidisiplinêre samewerking in die studieveld getoets is, is gepoog om algemene beginsels ten opsigte van multidisiplinêre samewerking, met behulp van 'n vergelykende skaalwaarde (Fouché, 1998:167-170) te identifiseer.

6.7.2 BEGINSELS TER BEVORDERING VAN MULTIDISCIPLINÊRE SAMEWERKING

Vraag: "Die volgende word gestel as belangrike beginsels ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in 'n studieveld. Watter 5 is na u mening (in prioriteitsvolgorde) die belangrikste ter bevordering van hierdie studieveld?"


Vervolgens word die resultate van die prioritisering van die beginsels ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in die studieveld in tabelvorm weegegee.

TABEL 8 Prioritisering van beginsels ter bevordering van multidisiplinêre samewerking tussen dissiplines (Skaal: 1 = belangrikste en 11 = minste belangrik)

Beginsel/vertrekpunt (N=45)	Gemiddeld uit 11 opsies	Prioriteit
Nastrewing van 'n gesamentlike doel, nl. die bevordering van positiewe mens-dierinteraksie.	3.73	1
Persone betrokke moet op hoogte wees van al die ander dissiplines se rol by mens-dierinteraksie.	5.11	2
Gesamentlike navorsing in die studieveld.	5.22	3
Omskrywing van elke dissipline se eie betrokkenheid by die studieveld.	5.67	4
Deelname aan mens-dierinteraksieprogramme in praktyk.	5.93	5
Multidisiplinêre byeenkomste soos konferensies en seminare.	6.03	6
Aanbied van multidisiplinêre opleidingsprogramme.	6.19	7
Ooreenstemming oor die proses wat gevolg behoort te word om bogenoemde doel te bereik.	6.68	8
Bewus wees van sowel die voordele as dilemmas van multidisiplinêre samewerking.	6.72	9
Multidisiplinêre verenigings ter bevordering van mens-dierinteraksie.	7.16	10
Multidisiplinêre publikasies.	7.63	11

Skematies kan die beginsels ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in 'n studieveld dus as volg aangetoon word:

FIGUUR 10 Prioritiserings van beginsels ter bevordering van die studieveld (die kleinste gemiddeld – aangedui met die rooi sirkel, dui op die belangrikste prioriteit)



Bogenoemde data word verder toegelig:

- Die belangrikste beginsel vir multidisiplinêre samewerking is bepaal deur die gemiddeld te bereken van die 11 moontlikhede. Die kleinste gemiddeld (d.w.s. 3,73) is dus as die belangrikste beginsel gereken op grond daarvan dat dit deur die grootste getal respondente gedeel is.
- Die vyf belangrikste beginsels ter bevordering van multidisiplinêre samewerking in die studieveld mens–dierinteraksie, is dus in volgorde van belangrikheid:

- Eerstens:** Die nastrewing van 'n gesamentlike doel.
- Tweedens:** Persone betrokke moet op hoogte wees van die ander dissiplines se rol.
- Derdens:** Gesamentlike navorsing.
- Vierdens:** Omskrywing van elke dissipline se eie betrokkenheid.
- Vyfdens:** Deelname aan mens–dierinteraksieprogramme.

- ☛ Die nastrewing van 'n gesamentlike doel word ook in die literatuur, onder andere deur Sherif (1979:219-221) en Botha (1995:207), beklemtoon. Respondente het nie by hierdie vraag die geleentheid gekry om 'n gesamentlike doel te formuleer nie. Dit word as 'n leemte beskou. Die oorhoofse doel, naamlik die bevordering van positiewe mens-dierinteraksie, is voor die hand liggend omdat respondente almal gekies is op grond van hul positiewe betrokkenheid by die studieveld. Spesifieke doelwitte sal egter alleen bepaal kan word deur die motief vir multidisiplinêre samewerking, byvoorbeeld die organisering en bestuur van 'n vereniging, navorsing, praktykprogram en/of opleiding.
- ☛ Om jou eie rol en bydrae in die studieveld te ken, asook dié van ander dissiplines (prioriteite 2 & 4) verwys na roldefiniëring (Compton & Galaway, 1994:502-508 en Potgieter, 1998:12), en dieselfde konseptuele lens (Erickson, 1998:78), en kan dus saam gelees word.
- ☛ Gesamentlike navorsing word in die literatuur onder andere deur Kavaloski (1979:225); Kockelmans (1979:127); Stevenson & Hemingway (1987:135) en Roby (1988:187) beklemtoon. Navorsing kan as die vertrekpunt vir wetenskaplike byeenkomste, opleiding en publikasies gesien word wat onderskeidelik as prioriteit ses, sewe en elf gestel is. Die laagste prioriteitewaarde, aan publikasies gekoppel is, hou dus nie verband met die hoë prioriteitewaarde van navorsing nie. Indien navorsingsbevindings nie bekend gemaak word nie, kan die waarde daarvan nie in opleiding of programme neerslag vind nie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat navorsers bereid is om multidisiplinêr saam te werk, maar verkies om binne 'n eie dissipline te publiseer, of dat multidisiplinêre publikasiegeleenthede beperk is.
- ☛ Die vyfde prioriteit, deelname aan mens-dierinteraksieprogramme hou op gesigwaarde verband met die hoë persentasie (57,7%) respondente wat aan mens-dierinteraksieprogramme deelneem of deelgeneem het, alhoewel laasgenoemde respons nie noodwendig na multidisiplinêre programme verwys nie. Die waarde van multidisiplinêre samewerking tydens deelname aan praktykprogramme word onder andere deur Francis (1988:263); McGrath (1991:1-5); Leathard (1994:58) en King (1999:62) uitgelig.
- ☛ Die lae waarde wat aan multidisiplinêre verenigings geheg word (prioriteit nommer 10) hou nie verband met die feit dat 57,7% van die respondente self lid is van 'n vereniging of deelneem aan georganiseerde gesprek nie.

- Deelname aan verenigings wat ten doel het om positiewe mens–dierinteraksie te bevorder is die mees praktiese en toeganklike manier om betrokke te raak by die studieveld, maar dit wil voorkom of daar 'n weerstand bestaan teenoor hierdie manier van multidisiplinêre samewerking. 'n Rede hiervoor kan wees omdat dat daar tans in Suid-Afrika 'n groot mate van konflik bestaan tussen organisasies wat by dierewelsyn, -opleiding en -teling betrokke is, asook die ongekoördineerde praktykprogramme en -projekte deur individue en kleiner groepe.


6.8. MENS–DIERINTERAKSIE AS SELFSTANDIGE MULTIDISSIPLINÊRE STUDIEVELD

6.8.1 SELFSTANDIGHEID VAN DIE STUDIEVELD

Vraag: “Is u van mening dat mens–dierinteraksie 'n selfstandige multidisiplinêre studieveld is?”

LW: Alhoewel hierdie vraag in die onderhoudskedule onder die afdeling “Multidisiplinêre samewerking “ gevra is, is die interpretasie van gegewens hier meer van toepassing.

FIGUUR 11 Persentasie respondente wat van mening is dat mens–dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld gereken kan word (N=45)



Die hoë telling hier kan toegeskryf word aan toetsingseffek (Dane, 1990:81) deurdat bewusmaking kon plaasvind op grond van die inhoud en respons opsies van vorige vrae in die skedule. Indien hierdie vraag dus aan die begin van die onderhoud gevra is, sou die telling by "Onseker" waarskynlik hoër gewees het. Indien dieselfde vraag aan die begin én einde van die onderhoud gevra is, kon die effek van deelname aan die ondersoek ten opsigte van kennis oor die multidisiplinêre aard van die studieveld, bepaal word.

Respondente het by hierdie vraag die geleentheid gekry om hul keuse te motiveer. Ooreenstemming in die positiewe response (82,22%) is verkry, en word vervolgens weergegee:

- ☛ Mens–dierinteraksie verwys na 'n komplekse interaksie (Odendaal, 1988:79 en Swabe, 1999:25&36) wat vanuit 'n sistemiese en holistiese benadering (Odendaal, 1988:19) beskou moet word om die omvang en diepte daarvan te begryp. Nie een enkele dissipline beskik oor voldoende kennis om die studieveld as sodanig te beskryf nie (Dluhy, 1986:xiv en Knitter, 1988:160).
- ☛ Die twee fokuspunte, naamlik mens én dier, impliseer verskillende invalshoeke omdat mense en diere verskil in gedrag en behoeftes. Hierdie invalshoeke word vanuit verskillende dissiplines beskou (Odendaal, 1988:129&257).
- ☛ Elke dissipline beskik oor eksklusiewe kennis wat voortspruit uit dissipline verwante opleiding, -navorsing en -praktykbetrokkenheid (Erickson, 1998:78-82). Hierdie kennis bepaal die aard van die spesifieke dissipline se betrokkenheid by die studieveld. Indien hierdie kennis nie saamgevoeg of geïntegreer word nie, word objektiwiteit en produktiwiteit ingeboet. (Vergelyk Kockelmans, 1979:127 en Thaceray *et al.*, 1994:115&116.)
- ☛ Verskille in kennis, houdings en vaardighede beïnvloed die verwysingsraamwerk en persepsies waarvandaan elk van die dissiplines die studieveld benader (Arkow, 1995:39 en Erickson, 1998:78-82).
- ☛ Die kollektiewe wysheid van multidisiplinêre samewerking bied 'n breër basis vir die toepassing van mens–dierinteraksie in praktyk en die daarstelling van 'n teoretiese verwysingsraamwerk. Die waarde is geleë in die toegevoegde waarde of sinergistiese effek daarvan. (Vergelyk Odendaal, 1995:207 en Gaspariková *et al.*, 1996:7.)

- ☛ Die verskillende teikengroepe op wie mens–dierinteraksieprogramme gerig is, het verskillende (dikwels uiteenlopende) behoeftes. Hierdie behoeftes moet vanuit verskillende dissiplines aangespreek word om sowel die mens as dier, in die proses van interaksie, tot voordeel te wees. (Vergelyk Dryden, 1993:173.)
- ☛ In die proses van ontwikkeling van mens–dierinteraksie as studieveld is dissiplines interafhanklik van mekaar. Komponente van die studieveld word byvoorbeeld vanuit een of meer dissiplines bestudeer en beskryf, terwyl die resultate deur ander dissiplines gebruik word in opleiding (Stark & Lattuca, 1997:356&357) of praktyk (Chafetz *et al.*, 1988:139).
- ☛ Samewerking tussen dissiplines bied 'n breër wetenskaplike basis wat die selfstandigheid van die studieveld bevorder. (Vergelyk Arkow, 1992:520; Plous, 1993:45 en Odendaal, 1995:207.)

Respondente wat onseker was (11,11%) het die volgende redes aangevoer:

- ☛ Die onderwerp mens–dierinteraksie moet binne elke dissipline 'n fundamentele basis hê, maar moet ook as dissipline selfstandig kan staan.
- ☛ Mens–dierinteraksie is nie 'n bewustelike proses nie, maar ontwikkel oor tyd soos persepsies en houdings verander. Dit is egter nog nie so ver ontwikkel binne elke dissipline dat dit as selfstandig beskou kan word nie.
- ☛ Die behoeftes in die mark sal bepaal of mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld kan staan en of multidissiplinêre samewerking realiseer.
- ☛ Mens–dierinteraksie moet eers binne elke dissipline ontwikkel tot 'n erkende subdissipline voordat dit groot genoeg kan wees om as selfstandige studieveld saamgebind te word.

Die onsekerhede wat deur bogenoemde respondente uitgespel is, stem ooreen met van die dilemmas van multidissiplinêre samewerking soos deur Swift *et al.* (1988:207); Midgley (1994:189) en Nicholson & Podberscek (1994:3) uitgespel.

Respondente wat negatief op die vraag gereageer het (6,67%) motiveer hul soos volg:

- ❖ Dissiplines kan insette lewer en 'n bydrae maak tot die ontwikkeling van die studieveld sonder om noodwendig saam te werk.
- ❖ Kollektiewe verantwoordelikheid ten opsigte van die studieveld vind nog nie plaas nie, daarom kan samewerking eerder beskryf word as interdisiplinêr as multidisiplinêr.
- ❖ Die studieveld is nog in te vroeë stadium van ontwikkeling om as selfstandig beskou te word.

6.8.2 KRITERIA VIR SELFSTANDIGHEID

Bogenoemde vraag is verder opgevolg deur die respondente se menings met betrekking tot die kriteria vir selfstandigheid te vra:

Vraag: "Aan watter van die volgende kriteria vir selfstandigheid dink u voldoen mens-dierinteraksie as studieveld reeds?"


'n Nominale skaalwaarde (Fouché, 1998;167-170) is hier gebruik om die kriteria soos deur Odendaal (1989), Rowan (1994) en Rowan & Beck (1994) gestel, te toets. Die data word vervolgens grafies voorgestel:

TABEL 9 Die mate waarin mens-dierinteraksie as studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid, soos in die literatuur uitgespel, voldoen (N=45)

Kriteria	% JA	% NEE	% ONSEKER
Wetenskaplike verenigings wat lidmaatskapvereistes en doelwitte uitspel.	68.18	31.82	0
Wetenskaplike, internasionale kongresse en byeenkomste.	68.18	25	6.82
Geakkrediteerde tydskrifte en ander wetenskaplike publikasies.	68.18	22.73	9.09
Akademiese onderrig- en opleidingsprogramme	61.36	29.55	9.09
Navorsing en/of toekenning van navorsingsfondse.	81.82	13.64	4.55

Skematies kan die resultate soos volg voorgestel word:

FIGUUR 12 Die mate waarin mens–dierinteraksie reeds aan die voorgestelde kriteria vir selfstandigheid voldoen



Respondente kon meer as een opsie uitoefen en is die persentasie per kriteria van toepassing, en nie die persentasie response vanuit die steekproef nie. Hierdie vraag moes telkens verhelder word deur die volgende frase by te voeg: '*...met ander woorde, is u bewus van...(waarna elk van die kriteria genoem is), nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal*'.

Die data word verder toegelig:

- Die hoë waarde by navorsing (81,82%) is beïnvloed deur die ooglopende feit dat die onderhoudvoerder self besig is met navorsing. (Vegelyk Neuman, 1994:250 en Bless & Higson-Smith, 1995:145.) Ten spyte hiervan het 18,19% gesê dat hulle onbewus is van navorsing wat in die studieveld onderneem word.
- Die response by al die ander gestelde kriteria vir selfstandigheid is relatief hoog (61,36% – 68,18%). As egter in ag geneem word dat al die respondente op grond van hul betrokkenheid by die studieveld gekies is, en dat ongeveer een derde (27,27%) nie bewus is van verenigings, wetenskaplike byeenkomste, wetenskaplike publikasies en/of akademiese programme nie, kan dit maar as 'n vae bewustheid gestel word.

- ☛ Die groot omvang van verenigings, wetenskaplike byeenkomste en publikasies word deur die inhoud van Hoofstuk 5 bevestig.
- ☛ Van die respondente het 61,36% dit gestel dat hulle bewus is van akademiese onderrig- en opleidingsprogramme in die studieveld. Hierdie respons hou verband met die 57,7% wat in afdeling 6.2 gesê het dat hulle self by een of ander vorm van opleiding in die studieveld betrokke is. Alhoewel hier verwys word na akademiese opleidings- en onderrigprogramme, word mens-dierinteraksie tans *sover bekend* slegs in geïsoleerde gevalle formeel as *volledige modules* by die kurrikulum van tersiêre inrigtings in Suid-Afrika ingesluit, onder andere by die opleiding van veeartsenykstudente aan die Universiteit van Pretoria; die opleiding van nagraadse maatskaplikewerkstudente aan die Universiteit van Pretoria in die kursusse Gesondheidsorg en Speltherapie; en as temas op voorgraadse vlak by Departemente Filosofie en Sosiopedagogiek, ook by U.P., en by die Instituut vir Lewenswetenskappe, Technikon Pretoria.
- ☛ Mens-dierinteraksie as tema was wel in die verlede (Odendaal, 2000: persoonlike gesprek) by die volgende tersiêre instellings aangebied:
 - Universiteit van Pretoria: Departemente Arbeidsterapie, Natuurlewebestuur, Sielkunde, Psigiatrie, Zoologie.
 - Unisa: Departement Bedryfsielkunde.
 - Universiteit van Natal: Departement Zoölogie.
 - Medunsa: Department of Companion Animal Medicine.
 - Universiteit van Stellenbosch: Inligtingsentrum vir Kinderliteratuur en Media.
- ☛ Die reaksie op die vraag na opleiding en onderrig, kon ook beïnvloed word deur die feit dat diere as tema tot 'n groot mate by die kurrikulum van skole ingesluit is. Alhoewel mens-dierinteraksie as sodanig nie noodwendig die fokus is nie, word dit wel geïmpliseer deur temas soos 'verantwoordelike troeteldiereienaarskap' en 'natuurbewaring'. Die enigste formele program in skole wat tans in Suid Afrika aangebied word, is die 'Safe School Programme' wat deur die Weskaapse Onderwysdepartement, in samewerking met die Humane Education Trust, aangebied word (Animal Voice, September – Desember, 2000). Die hoofdoel van hierdie program is misdaadvoorkoming deur die bevordering van positiewe mens-dierinteraksie. Die waarde van geselskapsdiere as tema in die kurrikulum van veral preprimêre en primêre skole word deur Bergesen (1989: bladsy onbekend); Odendaal (1988:102-104) en Ascione (1992:176-191) beskryf.

6.8.3 ADDISIONELE KRITERIA VIR SELFSTANDIGHEID VAN DIE STUDIEVELD

Respondente is die geleentheid gebied twee addisionele kriteria, soos deur die navorser voorgestel, tot die lys te voeg deur middel van die volgende vraag:

Vraag: “Watter van die volgende addisionele kriteria sou u by bogenoemde lys voeg?”
(Hierdie vraag is telkens geherformuleer na: “Watter van die volgende is essensieël tot die bevordering van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld?”)

TABEL 10 **Kriteria vir die selfstandigheid van mens–dierinteraksie as studieveld wat tot die bestaande lys van kriteria gevoeg kan word**

Kriteria (N=45)	% JA	% NEE	% ONSEKER	TOTAAL
Multidisiplinêre samewerking	77,27	18,18	4,55	100
Praktykprogramme en projekte	93,18	4,55	2,27	100

Bogenoemde reaksie word soos volg geïnterpreteer:

- ☛ Met betrekking tot hierdie vraag, kon die toetsingseffek (Dane, 1990:81) weer 'n rol gespeel het ten opsigte van die 77,27% respons met betrekking tot multidisiplinêre samewerking. Die fokus van die onderhoudskedule was multidisiplinariteit. Om dus hier 'n negatiewe respons te kry is onwaarskynlik.
- ☛ Die hoë waarde (93,18%) wat aan praktykprogramme en projekte geheg is, stem ooreen met die feit dat betrokkenheid by praktykprogramme en projekte as die vyfde belangrikste beginsels vir multidisiplinêre samewerking geprioritiseer is.
- ☛ Multidisiplinêre samewerking en praktykprogramme en –projekte kan veral neerslag vind in multidisiplinêre verenigings. Alhoewel multidisiplinêre verenigings as belangrike kriteria vir selfstandigheid gestel word (68,18%), word dit steeds as tweede laagste prioriteit vir samewerking gestel.

6.9. SAMEVATTING

'n Literatuurstudie het as vertrekpunt van die ondersoek gedien deurdat die onderhoudskedule waarmee die empiriese data ingesamel is, na aanleiding van die literatuurnavorsing, ontwerp is. Die vrae in die onderhoudskedule is saamgegroepeer volgens die doelwitte van die studie, naamlik: die identifisering en omskrywing van dissiplines betrokke by die studieveld, die diensterreine in Maatskaplike Werk waarin mens-dierinteraksie 'n rol speel, vertrekpunte vir multidisziplinêre samewerking en algemene vereistes vir selfstandigheid van die studieveld,

Alhoewel 'n kombinasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings gevolg is, het kwalitatiewe data die basis van die ondersoek gevorm, terwyl kwantitatiewe data ter ondersteuning daarvan aangebied is. Die onderhoudskedule het dus sowel oop as geslote vrae bevat, sodat 'n geheelbeeld van die situasie, soos dit tans daaruit sien, verkry kon word. 'n Proses van verkenning en beskrywing is dus gevolg deurdat 'n oorsig van bestaande, toepaslike literatuur verkry is, en 'n opname onder mense wat ervaring in die studieveld het, gedoen is.

Ses kriteria vir deelname aan die ondersoek is gestel, naamlik:

- ☛ Lidmaatskap aan verenigings/deelname aan georganiseerde gesprek.
- ☛ Bywoon van 'n wetenskaplike byeenkoms(te).
- ☛ 'n Publikasie(s).
- ☛ Betrokke by navorsing.
- ☛ Praktijkbetrokkenheid.
- ☛ Betrokke by opleiding.

Van die 23 dissiplines het meer as die helfte van die respondente het aan drie of meer van die ses kriteria voldoen en hulle kon dus 'n belangrike bydrae tot die ondersoek lewer. Dieselfde profiel van respondente sou nie deur middel van 'n ewekansige steekproef verkry kon word nie. Lidmaatskap aan verenigings of deelname aan georganiseerde gesprek,

praktykprogramme en opleiding is as die belangrikste kriteria vir betrokkenheid by die studieveld aangedui.

Elke respondent is die geleentheid gebied om sy/haar eie dissipline se betrokkenheid by die studieveld te omskryf. Response op hierdie vraag is deurlopend vergelyk met die inligting soos verkry uit die literatuurstudie. Die wyse waarop dissiplines hul eie betrokkenheid by die studieveld omskryf het, stem tot 'n baie groot mate ooreen met hoe die navorser dit vanuit die literatuurnavorsing geïdentifiseer en omskryf het.

Respondente is die geleentheid gebied om die dissipline wat hy/sy verteenwoordig in een van vier kategorieë, soos deur die navorser voorgestel, te plaas. 'n Redelik gelyke verspreiding van response onder die vier kategorieë het plaasgevind, maar die meeste respondente was van mening dat die dissipline wat hy/sy verteenwoordig direk betrokke is, of behoort te wees, by die implementering van mens–dierinteraksieprogramme. Alhoewel daar 'n onderskeid getref kan word tussen dissiplines se betrokkenheid by mens–dierinteraksie as studieveld, vind oorvleueling plaas en kan dissiplines nie sondermeer gekategoriseer word nie.

By die identifisering van dissiplines betrokke by die studieveld, moes respondente uit die voorgestelde lys van dissiplines, soos deur die navorser geïdentifiseer, kies. Die oorgrote meerderheid respondente het al die voorgestelde dissiplines erken. Die sewe dissiplines wat die hoogste tellings behaal het, was Opvoedkunde, Veeartsenykunde, Bemaking, Publieke Gesondheid, Sielkunde, Kuns en Psigiatrie. Daar was egter nie 'n wesenlike verskil tussen die tellings van hierdie dissiplines en dié wat daarop volg nie. Behalwe ten opsigte van die ontstaan van die studieveld, kon daar ook nie uit die literatuurnavorsing enige duidelike aanduiding gekry word dat sekere dissiplines die leidende rol in die studieveld speel nie.

Respondente is die geleentheid gebied om enige ander dissiplines, wat na hul mening 'n rol speel in die studieveld, te identifiseer. Nog 14 dissiplines is tot die lys gevoeg.

Die rol van Maatskaplike Werk in die studieveld is hoofsaaklik deur middel van voorbeelde omskryf. Hierdie voorbeelde kon telkens verbind word met voorbeelde uit die literatuur. Die response kan in vyf hoofgroepe verdeel word, naamlik:

- ☛ Die doel met maatskaplikewerk-intervensie;

- ☛ Die rolle van die maatskaplike werker;

- ☛ Teikengroepe in Maatskaplike Werk;
- ☛ Behoeftes van mense; en
- ☛ Benaderings in Maatskaplike Werk.

Die omvang van multidisiplinêre samewerking is bepaal deurdat respondente moes aantoon met watter van die dissiplines wat hulle geïdentifiseer het, hulle al op die gebied van mens-dierinteraksie saamgewerk het. Ten spyte van die feit dat multidisiplinêre samewerking as belangrik geag word, realiseer samewerking in praktyk slegs tot 'n mindere mate, en wel net tussen enkele dissiplines. Die enigste dissipline met wie meer as die helfte van respondente al saamgewerk het, is Veeartsenykunde. Ongeveer een derde van respondente het al met Sielkunde, Opvoedkunde, Joernalistiek en Maatskaplike Werk saamgewerk.

Respondente se menings oor beginsels vir multidisiplinêre samewerking is getoets deurdat 11 beginsels, soos vanuit die literatuur geïdentifiseer, voorgelê is en waaruit vyf gekies kon word. Die vyf keuses word vervolgens in prioriteitsvolgorde gestel:

- ☛ Die nastrewing van 'n gesamentlike doel.
- ☛ Persone betrokke moet op hoogte wees van die ander dissiplines betrokke se rol.
- ☛ Gesamentlike navorsing.
- ☛ Omskrywing van elke dissipline se eie betrokkenheid.
- ☛ Deelname aan mens-dierinteraksieprogramme.

Die oorgrote meerderheid respondente was van mening dat mens-dierinteraksie as selfstandige, multidisiplinêre studieveld gereken kan word. Die klem van hierdie vraag was op die multidisiplinêre aard van die studieveld. Die feit dat sowel mense as diere in hierdie verhouding betrokke is, en vanuit verskillende invalshoeke benader word, is as motivering gestel. Omdat elke dissipline oor eksklusiewe kennis in die studieveld beskik, is 'n holistiese benadering die mees aangewese. Die krag van die studieveld lê in die kollektiewe wysheid wat alleen deur samewerking in praktyk verkry kan word.

Meer as die helfte van die respondente was van mening dat die studieveld aan die vyf gestelde kriteria vir selfstandigheid, naamlik: wetenskaplike verenigings, -byeenkomste en -publikasies, akademiese onderrig en opleiding, en navorsing voldoen. Navorsing is uitgelig as die belangrikste kriterium vir selfstandigheid waaraan die studieveld voldoen. Twee addisionele kriteria, wat nie vanuit die literatuurnavorsing geïdentifiseer is nie, maar op eie oordeel van die navorser toegevoeg is, is multidisiplinêre samewerking en multidisiplinêre praktykprogramme. Die oorgrote meerderheid respondente het met die byvoeging van hierdie twee kriteria saamgestem. Dit blyk dus dat sewe kriteria vir die bepaling van mens-dierinteraksie as selfstandige studieveld behoort te geld.

Deur middel van die empiriese ondersoek, was dit moontlik om die multidisiplinêre aard van mens-dierinteraksie as studieveld te bepaal, die aard van elke dissipline se betrokkenheid te bepaal, die rol van die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span te omskryf, beginsels of vertrepunte vir multidisiplinêre samewerking te identifiseer, en om die studieveld aan sekere kriteria vir selfstandigheid te toets. Hierdie data kan met vrug gebruik word in die daarstelling van 'n strategie ter bevordering van mens-dierinteraksie as selfstandige, multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika.

In die volgende hoofstuk word 'n strategie ter bevordering van mens-dierinteraksie in Suid Afrika voorgestel.